# HOOFSTUK 12

# TERSIêRE OPLEIDING, BEROEPSPLASING, BEROEPSBEOEFEN= ING EN NASORGAKTIWITEITE MET BETREKKING TOT BLINDE SKOOLVERLATERS

## 12.1 INLEIDING

In die eerste plek word 'n oorsig van die situasie met betrek= king tot die opleiding van blindes aan tersiêre opleidingsinrig= tings gegee. In hoofstuk 7 is spesifieke beroepsopleidingspro= gramme wat hoofsaaklik aan skole vir blindes self aangebied word, reeds bespreek. In hierdie hoofstuk gaan dit egter om opleiding wat aan kolleges en universiteite aangebied word en in die reël is die verwerwing van 'n skooleindsertifikaat 'n voorvereiste vir toelating tot hierdie inrigtings.

Vervolgens word beroepstoetrede deur blindes aan die orde gestel. Die doel met 'n onderwysstelsel is om die kind voor te berei om eventueel as sedelik en ekonomies selfstandige persoon in die wêreld van die volwassene in te skakel, waar hy tot lewens-, be= roeps- en selfvervulling moet kom. Die geslaagdheid van die op= voedings-, onderwys- en opleidingsprogram moet dus altyd teen so= danige inskakeling van die skoolverlater as agtergrond deurskou word. Aspekte wat aangesny sal word, is die beroepsplasing van blinde skoolverlaters, beroepsbeoefening deur blinde persone en nasorgwerk ten behoewe van blindes.

## 12.2 DIE OPLEIDING VAN BLINDES AAN TERSIêRE OPLEI= DINGSINRIGTINGS

### 12.2.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Wat betref die studie van blindes aan tersiêre opleidingsinrig= tings, word die volgende aspekte bespreek: Die opname van blindes aan tersiêre opleidingsinrigtings; studierigtings waarin blindes

verder studeer, en verskillende aspekte van spesiale hulpverlening.

## 12.2.2 DIE SITUASIE IN DIE RSA

### 12.2.2.1 Die opname van blindes aan tersiêre opleidingsinrigtings

Die toetrede van blindes tot tersiêre opleidingsinrigtings het veral vroeër jare besondere probleme opgelewer. Alhoewel blinde studente steeds voor probleme in dié verband te staan kom, is die deurbraak ten opsigte van hul opname reeds jare gelede gemaak.* Die meerderheid van die oud-leerlinge van die Skool vir Blindes wat wel universitêre opleiding deurloop, sit hul studies aan die Universiteit van Stellenbosch (as die Afrikaanse universiteit wat die naaste aan die skool geleë is) voort.

Soos daarop gewys, vergelyk die persentasie standerd 10-leerlinge wat in die eerste klas slaag, asook dié wat matrikulasievrystelling verwerf, goed met die ooreenstemmende syfers vir normaalsiende leerlinge aan gewone sekondêre skole. Van die 15 gesigsgestremde leerlinge van die Skool vir Blindes wat in 1973 die Nasionale Senior Sertifikaateksamen afgelê het, het al 15 geslaag, terwyl 8 (53,3%) hiërdie sertifikaat met matrikulasievrystelling verwerf het. Aan die einde van 1972 het 45,2 persent van die leerlinge wat die standerd 10-eindeksamen aan provinsiale skole in die Oranje-Vrystaat, Natal, Transvaal en die Kaapprovinsie afgelê het, matrikulasievrystelling verwerf (kyk 6.2.3.6).

'n Opname wat aan die Skool vir Blindes te Worcester gedoen is,

---

*In paragraaf 3.2.7 is daarop gewys dat blindes reeds 'n hele aantal jare gelede as studente aan universiteite aanvaar is.

het laat blyk dat ongeveer 38 persent van die matrikulante wat gedurende die jare 1967 tot 1970 die Nasionale Senior Sertifikaat verwerf het, wel tot tersiêre opleidingsinrigtings toegetree het (kyk bylae A, v. 5.21). In 1970 was 10 oud-leerlinge van die Skool vir Blindes met voortgesette studie aan tersiêre opleidings=inrigtings besig. Voorts het 5 oud-leerlinge aan die einde van 1969 en die begin van 1970 grade aan Suid-Afrikaanse universi=teite behaal, terwyl 'n sesde sy studies aan die Teologiese Kweek=skool te Stellenbosch voltooi het en in Maart 1970 as predikant georden is (Suid-Afrika, 1970 b, p. 57).

Hierdie gegewens toon dat tersiêre opleidingsinrigtings wel vir blindes toeganklik is. Uit samesprekings met personeel van die Departement van Nasionale Opvoeding blyk dat die aantal blinde studente (in die reël oud-leerlinge van die Skool vir Blindes te Worcester) wat wel hul studies voltooi, as heel bevredigend be=skou word (kyk bylae A, v. 7.2 en bylae C).

#### 12.2.2.2 Studierigtings waarin blinde studente studeer

Dit is vanselfsprekend dat blinde studente verder sal studeer in 'n rigting waarin vir hulle beroepsgeleenthede bestaan. Studie=rigtings waartoe blinde studente toetree, is hoofsaaklik die volgende: Teologie, regte, onderwys, fisioterapie, maatskaplike werk en musiek. Hier te lande word nie vir die opleiding van blindes as fisioterapeute voorsiening gemaak nie en hul opleiding geskied aan die School of Physiotherapy van die Royal National Institute for the Blind in Londen. Blinde leerlinge wat aspireer om hulle in Londen as fisioterapeute te bekwaam, moet matriku=lasievrystelling verwerf, Engels op die hoër vlak slaag, terwyl ook van hulle verwag word om sowel Wiskunde as Natuur- en Skei=kunde as vakke vir die Nasionale Senior Sertifikaat aan te bied. In 1970 het 6 Suid-Afrikaanse studente aan die School of Physio=

therapy studeer (SANRB, 1970, p. 50).

12.2.2.3 Spesiale hulpverlening aan blinde studente

a. Die beskikbaarstelling van vakliteratuur

'n Aktuele probleem waarmee blinde studente te kampe het, is om voldoende vakliteratuur in braille en op band te bekom. Alhoe=wel daar nie 'n instansie is wat *spesifiek* op die voorsiening van literatuur aan blinde studente toegespits is nie, kom die Skool vir Blindes te Worcester, Brailledienste te Johannesburg, Band=hulp vir Blindes te Durban en die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes te Grahamstad* blinde studente in hierdie verband te hulp. Soms gebeur dit dat 'n afvaardiging van die Skool vir Blindes die Universiteit van Stellenbosch besoek en die probleme wat blinde studente ondervind, hulp wat dosente aan blinde studente kan ver=leen en die vakliteratuur wat in braille gedruk en op band op=geneem moet word met die doserende personeel aan die universiteit bespreek. Die hulpverlening deur die Skool vir Blindes in hierdie verband is 'n uitvloeisel van die standpunt dat die skool steeds moet poog om ooreenkomstig die nood van die blinde leerling of oud-leerling bystand te verleen. Waar daar dus 'n leemte met betrekking tot doeltreffende hulpverlening bestaan, sien die skool dit as sy taak om self hulp te verleen en sodoende die behoefte in die blikpunt te stel.

Die Sentrale Koördinerende Raad vir Literatuurvoorsiening aan Gesigsgestremdes (SKR) is onder die voorsitterskap van die De=partement van Nasionale Opvoeding in die lewe geroep om onder andere die produksie van literatuur in braille en op band te koördineer, oorvleueling in hierdie verband te bekamp en in be=

---

*In paragraaf 3.3.2 is die werksaamhede van hierdie liggame be=spreek.

sonder aan die behoefte van die blinde student aan vakliteratuur aandag te skenk. 'n Deel van die taak van die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes te Grahamstad is om die bibliografiese koördinering van alle leesstof vir blindes te behartig, asook die samestelling van 'n nasionale katalogus waarin inrigtings en agentskappe aangedui word waar sekere boeke in braille verkry kan word (SANRB, 1970, p. 130). Sodanige inligting is dan ook van groot waarde vir die blinde student. Voorts kan die blinde stu= dent self ook veel doen om vakliteratuur op band te bekom. Dit gebeur byvoorbeeld dat siende studente genader word om leerin= houde vir hul blinde mede-student op band voor te lees.

Onderhoude wat met blinde studente gevoer is, het laat blyk dat, nieteenstaande bogenoemde hulpverlening, nog altyd besondere pro= bleme ondervind word om selfs onontbeerlike vakhandboeke in braille of op band te bekom (kyk bylae C).

### b. Finansiële hulpverlening

Finansiële steun word deur verskillende instansies aan blinde stu= dente verleen. In die eerste plek word beurse deur die Heraan= passingskomitee en Beroepsraad wat onder die Departement van Nasionale Opvoeding ressorteer, aan verdienstelike blinde kandi= date vir studie aan tersiêre opleidingsinrigtings in Suid-Afrika of in oorsese lande toegeken. Van die 6 Suid-Afrikaanse studente wat in 1970 aan die School of Physiotherapy van die RNIB te Londen studeer het, het 5 oor beurse beskik wat deur die Heraan= passingskomitee aan hulle toegeken is. Hierdie beurse bedra tans ongeveer R10 000 en maak vir klasgelde, losiesgelde, sakgeld en die koop van klere voorsiening.

Ook die Suid-Afrikaanse Blindewerkersorganisasie (SABWO) verleen finansiële hulp aan blinde persone wat hul studies aan Suid-Afri= kaanse universiteite of kolleges wil voortsit en vier studiebeurse

van R400 elk word tot die beskikking van blinde studente gestel. Verder beheer die Lektuur-, Onderwys- en Navorsingskomitee van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes (SANRB) studie=beursfondse en beurse word volgens verdienste aan blinde leerlinge en studente toegeken. Gedurende die tydperk 1968 tot 1970 is beurse tot die gesamentlike bedrag van R718 aan blindes toege=staan (SABWO, 1971, p. 85; SANRB, 1970, pp. 50 en 80 en 1974, pp. 57-58).

#### 12.2.2.4 Die doeltreffende inskakeling van die blinde student aan tersiêre opleidingsinrigtings

Om die blinde student in staat te stel om sy studies suksesvol te deurloop, is sekere vergunninge noodsaaklik. Blinde studente neem bandmasjiene na die lesingkamer en neem die lesings op band op. Indien nodig, word die lesings wat op band opgeneem is, in braille oorgetik. Dit neem die blinde student ongeveer 3 tot 4 uur om 'n lesing wat ongeveer 'n driekwartuur tot 'n uur geduur het, vanaf band in braille oor te tik. Die tempo waarteen hy kan vorder, is dan ook vir die blinde student een van die mees aktuele studie=probleme. Wat betref eksaminering, word blinde studente in die reël toegelaat om hul eksamens af te lê in 'n afsonderlike lokaal waar hulle van 'n tikmasjien gebruik kan maak. Indien nodig, word ook addisionele tyd vir die aflê van eksamens aan blinde studente toegestaan (kyk bylae A, v. 7.2 en 7.3).

Afgesien van genoemde vergunninge het die blinde student nogtans met oriënterings-, sosialiserings- en studieprobleme te kampe wat voortdurende volharding van hom vereis. Ook is hy in 'n mate van die goeie begrip van, en hulpverlening deur dosente en mede-studente afhanklik. Die ondervinding het egter geleer dat blinde studente wat aan tersiêre opleidingsinrigtings in die RSA studeer, in die reël wel tereg kom, en hul studies voltooi. Wat betref die

sosiale inskakeling van blinde studente, neem hulle oor die al= gemeen wel aan sekere studente-aktiwiteite deel en is byvoorbeeld lede van stoeiklubs, verenigings vir maatskaplike werk, die Afri= kaanse Christelike Studentevereniging, studentekore en debatsver= enigings (Suid-Afrika, 1970 b, p. 58).

### 12.2.3 ASPEKTE VAN DIE SITUASIE IN SEKERE OORSESE LANDE

#### 12.2.3.1 Die toetrede van blinde skoolverlaters tot tersiêre opleidingsinrigtings

In *Engeland* word blindes reeds sedert die einde van die vorige eeu tot universiteite en ander tersiêre opleidingsinrigtings toe= gelaat. Twee sekondêre skole (Chorleywood College en Worcester College for the Blind) maak in besonder ook voorsiening vir blin= de leerlinge wat aspireer om hul studies aan 'n universiteit voort te sit. Sodanige leerlinge vertoef in die reël vir 'n derde jaar in die skooleindstanderd (Sixth Form) as finale voorbereiding (Entrance and Scholarship Level) vir toetrede tot 'n universiteit (RNIB, 1971 c, p. 2 en 1971 h, p. 1). Volgens 'n beroepsplasing= beampte van die Royal National Institute for the Blind (RNIB) is na-universitêre beroepsvoorbereiding 'n opleidingsaspek wat in Engeland al sterker op die voorgrond tree. Die RNIB neem in hier= die opsig die leiding deur blinde studente wat hul universitêre opleiding deurloop het, in te lig aangaande die eise waarmee hul= le in die praktiese beroepsituasie gekonfronteer gaan word (kyk bylae D).

Die School of Physiotherapy van die RNIB laat slegs braille= kandidate toe, en in die reël word studente met 'n gesigskerpte van ongeveer 6/60 Snellen en swakker toegelaat. Die Chartered Society of Physiotherapy vereis dat voornemende studente die skooleindsertifikaat van 'n akademiese sekondêre skool moet ver=

werf het en studente word aanvanklik vir 'n keuringstydperk van een week toegelaat. Voorlopige toelating word binne 6 maande bekragtig (RNIB, 1971 g, pp. 1-4).

Wat betref die aantal blinde skoolverlaters wat tot tersiêre op=leidingsinrigtings toetree, het 3 (12,5%) van die 24 leerlinge van die Bartiméus Instituut te Zeist *(Nederland)* wat die skool gedurende die 5 jaar van 1967 tot 1971 verlaat het, voortgesette opleiding suksesvol deurloop. Daarenteen het 12(18,5%) van die 65 blinde skoolverlaters wat die Koninklijk Instituut voor Blin=de en Gezichtszwakke Jongens te Brussel *(België)* gedurende die 5 jaar van 1967 tot 1971 verlaat het, tot tersiêre opleidings=inrigtings toegetree. Slegs enkele van die skoolverlaters van die Koninklijk Instituut voor Dove en Blinde Meisjes te Brussel, en die Koninklijk Instituut Spermali te Brugge deurloop wel kursusse aan tersiêre opleidingsinrigtings (kyk bylae B, v. 3.1).

Die Duitse Instituut vir Hoër Onderwys vir Blindes (Deutsche Blindenstudienanstalt) te Marburg *(Wes-Duitsland)* berei blinde leerlinge vir toetrede tot 'n universiteit voor (Dorner, 1967, p. 172). In die *VSA* kan blinde skoolverlaters wat vir toelating tot tersiêre opleidingsinrigtings kwalifiseer, aan enige kollege of universiteit om toelating aansoek doen (Lowenfeld, 1967 a, p. 207).

#### 12.2.3.2 Studierigtings waarin blinde studente studeer

Daar die studierigtings waarin blindes aan tersiêre opleidings=inrigtings studeer, noodwendig verband moet hou met die beroeps=moontlikhede wat daar vir blindes bestaan, is daar 'n besondere ooreenkoms tussen die rigtings waarin blindes in die RSA en in oorsese lande op tersiêre opleidingsvlak studeer. Studierigtings waarin enkele blindes (braillekandidate) wel in Engeland, Bel=gië, Nederland of die VSA op tersiêre vlak studeer en wat *nie* in

hierdie stadium in die RSA as studierigtings wat beroepsmoontlik=hede vir blindes inhou, bevestig is nie, is verpleging, program=mering (kyk 7.2.2.6), joernalistiek, vertaling, die natuurweten=skappe en sielkunde (AFB, 1970 b, p. 2; kyk bylae B, v. 3.1). Daar moet egter in gedagte gehou word dat alle braillekandidate wat in bogenoemde studierigtings verder studeer, nie noodwendig totaal blind is nie.

### 12.2.3.3 Hulpverlening aan blinde studente

#### a. Voorsiening van vakliteratuur

In Engeland, Wes-Duitsland en die VSA word gepoog om spesifiek in die behoeftes van die blinde student ten aansien van litera=tuur in braille en op band te voorsien. In *Engeland* word die voorsiening van vakliteratuur in braille en op band aan blinde studente hoofsaaklik deur die RNIB behartig wat daarop gerig is om noue skakeling met blinde studente te behou. Die RNIB beskik oor 'n bandopnamediens ("Talking Book Service") wat aan duisende blindes 'n diens lewer. Aan die einde van 1970 was daar meer as 1 200 opnames vir gebruik deur studente beskikbaar. Indien band=opnames nie voldoende is nie, word vakhandboeke vir blinde stu=dente in braille gedruk (RNIB, 1971 a, p. 2).

Te Marburg in *Wes-Duitsland* is 'n biblioteek *("Marburger Blinden-Hochschulbucherei")* wat 50 000 volumes in braille bevat en blinde leerlinge en studente tot diens is. Die jongste uitgawes van handboeke in onder andere Fisika, Chemie, Geskiedenis en Biolo=gie, asook veelvuldige regskundige geskrifte word in braille ge=druk. Sommige van hierdie vakkundige literatuur bevat tekeninge en prente wat in reliëf gedruk is (Dorner, 1967, pp. 172-173).

In die *VSA* is daar 'n ongeëwenaarde korps braillekopiïste en bandlesers beskikbaar. Hierdie persone voorsien ook in die be=

hoeftes aan vakliteratuur van individuele blinde studente en word deur beroepsrehabilitasiedienste vergoed (Lowenfeld, 1967 a, p. 207).

### b. Finansiële hulpverlening

In alle lande waaroor inligting bekom is, word voorsiening vir finansiële hulpverlening aan blinde studente gemaak. In *Engeland* byvoorbeeld, bied plaaslike onderwysowerhede beurse aan blinde skoolverlaters vir voortgesette studie aan tersiêre opleidings=inrigtings. Voorts word geldelike toekennings van tot ongeveer R200 (1972) deur die RNIB aan blinde studente toegestaan wat ge=bruik word vir die aankoop van brailletikmasjiene, tikmasjiene en bandopnemers, asook om die uitgawes om boeke op band te laat voor=lees, te delg (Great Britain, 1972, p. 88). In die *VSA* ontvang blinde studente van beroepsrehabilitasiesentra wat in die ver=skillende state gesetel is, finansiële hulp om vir hul studies te betaal, hul lewenskoste te dek, en om onder andere handboeke, 'n bandopnemer, 'n brailletikmasjien en 'n gewone tikmasjien te koop. Soos daarop gewys, word lesers wat vakliteratuur op band voorlees en kopiïste wat handboeke in braille kopieer, ook deur beroepsrehabilitasiedienste vergoed. In 1967 is in Kalifornië byvoorbeeld tot 1250 dollars per jaar vir elke blinde student in hierdie verband bygedra (Lowenfeld, 1967 a, p. 207).

### c. Die verskaffing van akkommodasie aan blinde studente

In verskeie oorsese lande is die verskaffing van akkommodasie aan blinde studente deel van die hulpverleningsprogram. Sowel die School of Physiotherapy as die opleidingskollege vir blinde snel=skrif- en bandmasjientiksters van die RNIB in *Londen* bied akkom=modasie aan blinde studente (Great Britan, 1972, p. 87). In 1972

is beoog om 'n tehuis vir blinde studente te Brussel in *België* op te rig. Daar is verder beplan dat 'n ouerpaar in beheer van die tehuis sal wees en dat 'n *"begeleier"* wat in braille onderlê is, blinde studente in hul studies te hulp sal kom (kyk bylae B, v. 4.2). Te Marburg in *Wes-Duitsland* word aan die Deutsche Blindenstudienanstalt voorsiening gemaak vir akkommodasie vir blinde studente wat hul studies aan die plaaslike universiteit voortsit (Dorner, 1967, p. 173).

### d. Hulpverlening met betrekking tot inskakelings=probleme

In Engeland, België, Nederland en Wes-Duitsland word hulp aan blinde studente verleen om hul oriëntering te vergemaklik en hul inskakeling te bevorder. Voorsiening word gemaak vir *"begelei=ers"*, maatskaplike werkers, *"adviseurs"* of onderwysers om blinde studente met betrekking tot studie-, sosialiserings-, vervoer- en ander probleme te hulp te kom. Dosente aan tersiêre opleidings=inrigtings kom blinde studente tegemoet deur hulle toe te laat om bandmasjiene in die lesingsale te gebruik, aspekte van die leerinhoud wat vir die blinde vreemd is noukeurig te verduidelik, aanvullende onderrig te gee indien nodig en te reël vir die braillering van eksamenvraestelle (kyk bylae B, v. 4.2 en bylae D). Ten slotte word met betrekking tot inskakelingsprobleme wat blinde studente ervaar, op die volgende aanbeveling van die Ver=nonkomitee (1972) in Engeland gewys: *"Schools should ensure that all visually handicapped leavers proceeding to further and higher education are made known in advance to student medical and welfare services at those institutions. They should discuss both with the pupils and authorities concerned how their pupils can best be helped (both before and after leaving school) to make a success=ful transition from school to further and higher education"* (p. 89).

12.2.4 SLOTOPMERKINGS

a. Die sukses van die blinde student aan universiteit hou in 'n groot mate direk met die *beskikbaarheid van vakliteratuur* in braille en op band verband. Uit die aard van die saak is die blinde student, al sou hy ook noodsaaklike vakliteratuur in braille en op band kan bekom, onvermydelik in 'n veel ongunstiger posisie as die siende student vir wie 'n magdom literatuur direk toeganklik is. Die bestudering van enkele voorgeskrewe boeke en die aantekeninge van die dosent mag voldoende wees om die blinde student te laat slaag, maar sal hom beswaarlik in staat stel om 'n insigtelike greep op die vakgebied as geheel te kry. Daarom is die uitbreiding van vakliteratuur wat vir blinde studente toeganklik is, ook van aktuele belang. Waar die getal blinde studente in die RSA besonder klein is, is dit onvermydelik dat in die behoeftes van die individuele blinde student voorsien moet word. Uit die oorsig van die situasie in sekere oorsese lande het geblyk dat blinde studente in sommige van hierdie lande in 'n gunstiger posisie is as blinde studente in die RSA wat be=tref die bekombaarheid van literatuur in braille en op band. In besonder beïndruk die praktyk wat aan blinde studente geleentheid bied om vakliteratuur te bekom wat deur private bandlesers en braillekopiïste beskikbaar gestel word.

b. In Engeland berei twee akademiese sekondêre skole vir blindes leerlinge spesifiek voor vir toetrede tot universiteite en ander tersiêre opleidingsinrigtings. Meldenswaardig is die addisionele jaar wat leerlinge in die skooleindstanderd vertoef as *finale voorbereiding vir toetrede tot 'n universiteit*. Volgens 'n beroepsplasingbeampte van die RNIB word die resultate wat blinde studente aan universiteit behaal as heel bevredigend beskou (kyk bylae D). In hierdie verband kan op 'n soortgelyke praktyk aan die Skool vir Blindes te Worcester gewys word. Voortgesette

musiekopleiding word aan leerlinge aangebied wat reeds die Nasionale Senior Sertifikaat met Musiek as vak verwerf het en van plan is om hul studies in musiek op universitêre vlak voort te sit (kyk 7.2.2.5)

c. In verskeie oorsese lande word voorsiening gemaak vir spesiale adviseurs, begeleiers, maatskaplike werkers of onderwysers om blinde studente met sosialiserings-, studie- en oriënterings= probleme te hulp te kom. Ook word in sommige lande vir spesiale akkommodasie vir blinde studente voorsiening gemaak. Die relatief klein aantal blinde studente aan tersiêre opleidingsinrigtings in die RSA regverdig nie die *aanstelling van spesiale personeel* om hierdie taak te vervul nie, asook nie die voorsiening van afsonderlike akkommodasie nie. Daar blyk egter nie 'n besondere behoefte in hierdie verband in die RSA te bestaan nie, aangesien getuienis daarop dui dat blinde studente wel aan tersiêre opleidingsinrigtings tereg kom en die resultate deur blinde studente behaal as heel bevredigend beskou word.

d. Die deurloping van kursusse aan tersiêre opleidingsinrigtings het vir die blinde student sekere *finansiële implikasies* wat nie op die siende student van toepassing is nie. Hy moet oor 'n bandopnemer, tikmasjien en brailletikmasjien beskik; hy moet soms private persone wat vakliteratuur op band voorlees, vergoed, en hy is dikwels op huurmotors aangewys om by sy bestemming uit te kom, of moet van 'n motorbestuurder gebruik maak. Ook is die universiteitsbiblioteek nie vir hom toeganklik nie, tensy hy reël vir die braillering van literatuur. Volgens getuienis van blinde studente (kyk bylae C) skiet finansiële hulpverlening in hierdie verband aan blindes in die RSA te kort. Soos daarop gewys, is in 1967 in Kalifornië (VSA) 1 250 dollars per blinde student bewillig om bandlesers en braillekopiïste te vergoed.

## 12.3 DIE BEROEPSPLASING VAN BLINDE SKOOLVERLATERS

### 12.3.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Die blinde persoon wat tot die ope arbeid wil toetree, is in die reël op hulp aangewys om 'n betrekking te bekom. In die onder= hawige afdeling word dan ingegaan op die hulp wat in hierdie ver= band aan die blinde verleen word en op die doeltreffendheid van sodanige hulpverlening. In besonder sal gewys word op 'n ver= antwoorde wyse van beroepsplasing van blindes en op die moont= likheid van verpligte werkverskaffing aan blindes.

### 12.3.2 BEROEPSPLASING VAN BLINDES IN DIE RSA

#### 12.3.2.1 Instansies verantwoordelik vir beroepsplasing

Die beroepsplasing van blinde skoolverlaters in die RSA word be= hartig deur die Skool vir Blindes te Worcester, die Suid-Afri= kaanse Nasionale Raad vir Blindes (SANRB), die Suid-Afrikaanse Blindewerkersorganisasie (SABWO), die Departement van Arbeid en plaaslike verenigings wat hulle vir die welsyn van blindes beywer. Heelwat blinde skoolverlaters word ook deur bemiddeling van fa= milie en vriende in beroepe geplaas. Uit 'n ondersoek deur Van der Burgh (1973) het geblyk dat van 246 Blanke blinde persone in die Transvaal, 33,0 persent hul huidige betrekkings deur middel van die hulp van vriende en familielede bekom het. Plaaslike verenigings vir blindes, onder andere verenigings vir burgerlike blindes het 15,3 persent gehelp om betrekkings te bekom. Verder het 25,6 persent persoonlik om werk aansoek gedoen, terwyl die SABWO en die SANRB vir onderskeidelik 8,4 en 4,2 persent be= trekkings gevind het. Slegs 4,6 persent het by 'n indiensplasings= instansie (byvoorbeeld die Departement van Arbeid) om 'n betrek= king geregistreer. Die oorblywende 8,9 persent is op verskillen= de wyses gehelp om 'n betrekking te bekom, byvoorbeeld deur die

Skool vir Blindes te Worcester, mediese dokters en die Departe= ment van Volkswelsyn en Pensioene (pp. 53-54).

Uit hierdie gegewens blyk dat 'n relatief klein persentasie blin= des betrekkings deur bemiddeling van die SABWO, die SANRB, die Departement van Arbeid en die Skool vir Blindes te Worcester ge= vind het. Hierdie gegewens het egter slegs op Blanke blinde per= sone in die Transvaal betrekking. Dit mag dus wees dat veral die Skool vir Blindes wat in die eerste plek op beroepsgeleenthede vir *blinde skoolverlaters* (veral in die Kaapprovinsie) toegespits is, 'n heelwat hoër persentasie blinde skoolverlaters aan betrekkings help. Verder is bevind dat 25,6 persent van die blindes in Van der Burgh se ondersoekgroep persoonlik om werk aansoek gedoen het. Die gegewens van Van der Burgh het op sowel blinde persone wat in beskutte werkswinkels opgeneem is as blindes wat tot die ope arbeid toegetree het, betrekking. Dit mag dus wees dat laasge= noemde relatiewe hoë persentasie toegeskryf kan word aan die feit dat veral blindes wat in beskutte werkswinkels opgeneem is, per= soonlik om toelating aansoek gedoen het.

### 12.3.2.2 Beroepsplasing deur die Skool vir Blindes te Worcester

Alhoewel daar nie 'n spesifieke beroepsverkenning- en beroeps= plasingprogram aan die Skool vir Blindes bestaan nie, gee die skool wel aandag aan die beroepsplasing van oud-leerlinge. Af= gesien van meer terloopse beroepsverkenning wat deur personeellede gedoen word, gee een van die onderwysersielkundiges en die skakel= beampte van die skool in besonder ook aandag aan beroepsverkenning en -plasing (kyk bylae A, v. 7.10). Volgens die opname van Van der Burgh (1973) was 63,6 persent van 198 Blanke blinde volwas= senes wat in die Transvaal woonagtig is, vir sewe jaar of langer aan 'n skool vir blindes verbonde (p. 41). Die onderwyspersoneel,

instrukteurs, koshuispersoneel en onderwysersielkundiges is dus in die geleentheid om elke blinde leerling intiem te leer ken, waardeur beroepsplasing vergemaklik word. Die persoonsbeelde van leerlinge wat gekonstrueer word en die gevolglike meerdere in= sig van personeel (en in besonder van onderwysersielkundiges) in die moontlikhede en beperkthede van elke leerling, asook in die beroepskundige implikasies van die oogkondisies van gesigsge= stremde kinders, verhoog die moontlikhedd van 'n korrekte plasing.*

Skoolverlaters van die Skool vir Blindes wat direk na skoolver= lating tot die arbeidsmark toetree, is in die reël reeds vir die beoefening van 'n spesifieke beroep voorberei. Die beroepsver= kenning wat gedoen word en die daaropvolgende beroepsplasing is dan ook hoofsaaklik gerig op beroepe waarin blinde skoolverlaters opgelei is. Die relatief afgeleë ligging van die Skool vir Blindes te Worcester bemoeilik egter wel beroepsverkenning deur personeel en persoonlike skakeling met werkgewende instansies in die groter sentra.

### 12.3.2.3 Beroepsplasing deur die Departement van Arbeid

#### a. Blinde persone wat deur die Departement van Arbeid in beroepe geplaas word

Die Departement van Arbied is die staatsdepartement wat onder andere vir die beroepsplasing van gestremde persone verantwoorde= lik is. Volgens die Departement van Arbeid het 414 blinde en swaksiende persone gedurende 1967 om werk by dié Departement aan= soek gedoen, van wie slegs 12 aan die einde van dié jaar nog werk= loos was (Bekker, 1968, p. 4). In 1970 het dié Departement ge=

*In paragraaf 9.2.3.4 is 'n volledige uiteensetting gegee van die omvattende evaluerings- en voorligtingsprogram wat deur die Siel= kundige en Voorligtingsafdeling aan die Skool vir Blindes deur= gevoer word.

rapporteer dat 45 gesigsgestremde persone gedurende die tydperk Januarie tot Junie 1970 deur die verskillende streekafdelings van die Departement in beroepe in die ope arbeid geplaas is. Volgens 'n raming van Kruger (1971) tree slegs ongeveer 50 tot 60 Blanke blinde en swaksiende persone jaarliks tot die arbeidsmark toe vir wie geskikte beroepe in sowel die ope arbeid as beskutte werks= winkels gevind moet word (p. 43). In die lig van hierdie raming, asook van die feit dat beroepsplasing ook deur verskeie ander in= stansies behartig word (kyk 12.3.2.1), sluit genoemde syfers waarskynlik sowel Blanke as Nie-Blanke gesigsgestremdes (blindes en swaksiendes) in. Tydens 'n onderhoud met beroepsplasingbe= amptes van die Departement van Arbeid het geblyk dat slegs enkele Blanke blinde persone deur beamptes van hierdie Departement in beroepe geplaas word (kyk bylae C).

'n Belangrike rede waarom slegs enkele blinde persone hul na die Departement van Arbeid vir beroepsplasing wend, is dat die meer= derheid blinde skoolverlaters reeds op skool vir die beoefening van 'n spesifieke beroep voorberei is en direk na skoolverlating tot sodanige beroep toetree. In die reël is dit dus slegs dié blinde persone wat nie spesifieke beroepsopleiding deurloop het nie, en dié wat nie in die beroep wat hulle beoefen tereg kan kom nie wat by die Departement van Arbeid om beroepsplasing aanmeld.

### b. Beroepsplasingbeamptes van die Departement van Arbeid

Die beroepsplasingbeamptes van die Departement van Arbeid hanteer die beroepsplasing van alle persone wat by die Departement om werk aansoek doen. Drie van die beroepsplasingbeamptes is egter direk met die plasing van gestremde persone gemoeid. Die basiese kwalifikasies waaroor 'n persoon moet beskik om as beroepsplasing= beampte aangestel te word, is 'n graad met Sielkunde as 'n hoof=

vak. Onderwyservaring word as toepaslike ervaring erken. Verder word besondere aandag aan die indiensopleiding van beroeps=plasingbeamptes bestee (kyk bylae C).

As gevolg van die geringe aantal blinde persone wat by die De=partement om plasing in 'n beroep aansoek doen, is daar nie be=roepsplasingbeamptes wat spesifiek in die plasing van blinde per=sone spesialiseer nie. Indringende beroepsanalise en die daar=stelling van beroepsnorme ten aansien van beroepe wat moontlik deur blindes beoefen kan word, word dan ook nie gedoen nie.

c. Beroepsplasingprosedures

Die prosedure wat deur die Departement van Arbeid gevolg word, is om in die eerste plek alle relevante gegewens aangaande die kandi=daat in te win. Inligting moet onder andere oor die skolastiese prestasies, IK, belangstelling, vaardighede, mobiliteit, beroeps=opleiding, oogkondisie en sekere persoonskwaliteite van die per=soon bekom word. Indien dié gegewens nie as voldoende beskou word nie, word sekere toetse deur beroepsplasingbeamptes inge=skakel.* Deur middel van 'n konsolidering van persoonstruktuur-, skolastiese, agtergrond-, beroepskundige en mediese gegewens word dan 'n beeld van die beroepspotensiaal ('n beroepsprofiel) van die gestremde persoon verkry. Aan die hand van hierdie profiel en in die lig van die eise wat spesifieke beroepe aan die beroeps=beoefenaar stel, word gepoog om 'n verantwoorde beroepsplasing te doen.

---

*In paragraaf 9.2.3.3 c is daarop gewys dat die Instituut vir Psigometriese Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing tans besig is om sekere evalueringsmedia vir gebruik met gesigsgestremdes deur onder andere die Departement van Arbeid daar te stel.

Een van die beroepsplasingbeamptes van die Departement van Arbeid het as spesifieke deelopdrag die *verkenning* van beroeps=moontlikhede vir gestremde persone. Uit 'n onderhoud met be=roepsplasingbeamptes van die Departement het egter geblyk dat sodanige skakeling hoofsaaklik telefonies geskied. Nadat 'n moontlike beroep vir die kandidaat gevind is, word 'n onderhoud met die werkgewer gereël, die kandidaat word voorgelig hoe hy tydens die onderhoud moet optree, en dan vergesel die beroeps=plasingbeampte hom daarheen. Indien nodig, word die kandidaat na die werk wat hy sal moet verrig (byvoorbeeld masjienopera=teurswerk), geneem om ter plaatse vas te stel of hy wel die werk sal kan bemeester. Sekere take wat oënskynlik nie deur blinde werknemers verrig kan word nie, kan soms wel doeltreffend deur hul behartig word indien sekere hulpmiddele tot hul beskikking gestel word. Die Departement van Arbeid is egter nie daarop ge=rig om sodanige hulpmiddele aan blinde werknemers te voorsien nie (kyk bylae C).

### 12.3.2.4 Beroepsplasing deur die Suid-Afrikaanse Nasio=nale Raad vir Blindes (SANRB)

Die Komitee vir Rehabilitasie en Werkverskaffing van die SANRB is onder andere vir die beroepsplasing van blinde persone verant=woordelik*. Die SANRB beskik oor twee poste vir beroepsplasing=beamptes (werksverskaffingbeamptes) wat vir die beroepsplasing van sowel Blanke as Nie-Blanke blinde persone verantwoordelik is. Daar bestaan noue skakeling tussen die Skool vir Blindes te Worcester en die SANRB in Pretoria en Kaapstad met betrekking

*In paragraaf 3.3.1 is 'n uiteensetting gegee van die werksaam=hede van die SANRB.

tot die beroepsplasing van blinde skoolverlaters.

Dit is ook die taak van beroepsplasingbeamptes om 'n verkenning te maak van die eise wat spesifieke beroepe aan die beroepsbe=oefenaar stel en om werkgewers van die beroepspotensiaal van blinde werknemers te oortuig. Dat die SANRB wel sukses behaal in sy pogings om beroepe vir blindes te probeer ontgin en werk=gewers te oortuig van die beroepspotensiaal van blinde persone, blyk uit die volgende besluit van die Stadsraad van Pretoria aan=gaande die indiensneming van gesigsgestremde persone wat in 'n Nuusbrief van die Stadsraad (1974) aangekondig is: "*Following on a request by the SA National Council for the Blind, the City Council has resolved to support, in principle, the employment of blind and weaksighted persons. They will be appointed to positions where their services may be used to advantage. The City Council already employs several blind persons who are rendering excellent service. In collaboration with the National Council for the Blind, a survey of positions to which persons with defective eyesight may be appointed, is at present being conducted in all Departments of the Council*" (Pretoria, 1974, p. 2). Die opname van die Stadsraad, in samewerking met die SANRB, van werk wat moontlik deur blindes verrig kan word, is dus in die eerste plek 'n uitvloeisel van 'n gesindheid van vertroue in die diensbaar=heid van die blinde en met sodanige grondslag behoort hierdie verwikkeling vir die inskakeling van die blinde in 'n siende ge=meenskap van blywende waarde te wees.

Ten slotte word op enkele probleme wat deur die SANRB met betrek=king tot die beroepsplasing van blindes ondervind word, gewys:

a. Die SANRB ondervind probleme om beroepsplasingbeamptes te be=kom wat werklik vertroud is met die moontlikhede en die be=perkthede van die blinde as beroepsbeoefenaar, en wat in die

lig hiervan kan oordeel of 'n blinde persoon wel aan die eise wat in 'n sekere beroep gestel word, sal kan voldoen.

b. Die SANRB ondervind probleme om die finansiële las wat die aanstelling van twee beroepsplasingbeamptes impliseer, te dra.

c. Die uitgestrektheid van die RSA skep probleme. Die hoof= kantoor van die SANRB is in Pretoria gesetel en dit is nie altyd moontlik om blindes in verafgeleë gedeeltes van die land met beroepsplasing te hulp te kom nie.

d. Beroepsverkenning is veral op die nie - professionele vlak gerig, aangesien die ontginning van nuwe professionele be= roepe vir blindes 'n besondere problematiese aangeleentheid is.

e. Die verskaffing van hulpmiddele wat blinde persone in staat sal stel om sekere werk doeltreffend te verrig, lewer probleme op. In besonder is hulp om sekere aanpassings aan masjiene te maak wat 'n blinde operateur in staat sal stel om met sodanige masjien te werk, moeilik bekombaar (kyk bylae C; SANRB, 1970, p. 69).

### 12.3.2.5 Beroepsplasing deur die Suid-Afrikaanse Blinde= werkersorganisasie (SABWO)

Die SABWO is 'n organisasie wat in 1946 deur blinde persone in die lewe geroep is en hom beywer vir die welsyn van die blinde (kyk 3.3.2). In besonder is dit die doelstelling van hierdie organi= sasie om Blanke blinde persone te help om betrekkings in die ope arbeid te bekom. Die beroepsplasingdiens wat deur die organisasie gelewer word, word deur vrywillige blinde persone in stand gehou. Die organisasie bestaan uit 8 streekafdelings (Witwatersrand, Wes-Transvaal, Noord-Transvaal, Wes-Kaapland, Oos-Kaapland, Grens, Natalkus en Natalmiddellande) met 'n totale ledetal van ongeveer 500, wat tot gevolg het dat noue skakeling met blinde persone oor

die land moontlik is en hulpverlening met betrekking tot beroeps= plasing vergemaklik word. Tussen die Skool vir Blindes te Worces= ter en die SABWO bestaan skakeling en laasgenoemde organisasie bied sy hulp aan om betrekkings vir blinde skoolverlaters te vind. Gedurende die jare 1946 tot 1971 (25 jaar) het die SABWO vir 524 gesigsgestremdes betrekkings gevind. Gedurende 1968 tot 1970 is 50 blinde *en* swaksiende persone deur bemiddeling van die SABWO in beroepe geplaas (hoofsaaklik as telefoniste) (Kruger, 1971, pp. 25, 26 en 43; SANRB, 1970, p. 87).

### 12.3.2.6 Opname in beskutte werkswinkels

Blinde persone wat nie in die ope arbeid tereg kan kom nie, word in beskutte werkswinkels vir blindes opgeneem. Afgesien van die Werkswinkel en Tehuise vir Blindes te Worcester, is daar te Johannesburg, Pretoria, Port Elizabeth, Durban en Kaapstad werks= winkels vir blindes geleë wat oor die algemeen onder die beheer van plaaslike vereniginge vir blindes staan (byvoorbeeld ver= eniginge vir burgerlike blindes) (SANRB, 1970, p. 163). Kruger (1971) berig dat 'n nasionale opname wat in 1970 voltooi is, ge= toon het dat 236 blinde persone hulle in beskutte werkswinkels bevind. Hierdie getal blinde persone het 26,5 persent van die totale aantal Blanke blinde persone verteenwoordig wat op daardie stadium ekonomies bedrywig was (pp. 41-42). Slegs persone wat as blind geregistreer is, word in hierdie werkswinkels opgeneem. Voorts word dit besonder sterk beklemtoon dat slegs blinde skool= verlaters wat skolasties so ver gevorder het as waartoe hulle in staat is, in 'n werkswinkel opgeneem mag word (kyk bylae A, v. 7.10 en 7.14).

### 12.3.2.7 Die doeltreffendheid van bestaande beroeps=plasingdienste

Wat betref die doeltreffendheid van die beroepsplasing van blindes in die RSA word op die volgende bevindinge gewys. Van der Burgh (1973) het gevind dat van 93 Blanke blinde persone in die Transvaal wat reeds voor beroepstoetrede blind was, meer as *50 persent in minder as 'n maand na skoolverlating 'n betrekking gevind het.* 'n Verdere 18,3 persent het binne 2 maande 'n werk=kring gevind, terwyl 3 en meer maande verloop het voordat die ander geplaas is. Daar moet egter op gewys word dat hierdie op=name ook blinde persone insluit wat in beskutte werkswinkels op=geneem is en in die reël ondervind hierdie kategorie blinde per=sone nie besondere probleme om in werkswinkels opgeneem te word nie. In bogenoemde publikasie is ook gegewens met betrekking tot *werkloosheid* onder blinde persone gepubliseer. Daar is bevind dat 13,1 persent (29) van 221 Blanke blinde manlike persone in die Transvaal werkloos was. Van hierdie 29 was slegs 8 as werk=loos by die Departement van Arbeid geregistreer. Van der Burgh (1973) verwys ook na 'n ondersoek deur Strijdom in 1971 waarby 294 dowe respondente betrek is en wat laat blyk het dat slegs 4,1 persent van hierdie persone werkloos was (pp. 61-62 en 67-68).

Kruger (1971) rapporteer dat 'n nasionale opname getoon het dat die aantal *blinde pensioentrekkers* (insluitende werkers in be=skutte werkswinkels) verminder het van 1 180 in 1955 tot 888 in 1970; 'n vermindering van 24,75 persent. Volgens Kruger is een rede vir hierdie vermindering die feit dat meer blinde per=sone tot die ope arbeid toetree en ekonomies selfstandig is (p. 25).

In die lig van bogenoemde bevindinge wil dit lyk asof die be=roepsplasing van blindes, ten spyte van probleme wat ondervind

word, redelik doeltreffend geskied. Die feit dat blindes wel in beroepe geplaas word, impliseer egter nie dat alle plasings nood=wendig verantwoord is nie, dit wil sê dat die blinde persoon 'n beroep ooreenkomstig sy moontlikhede *en* aspirasies gevind het nie.

Ten slotte word gewys op 'n aspek wat doeltreffende beroeps=plasing bemoeilik. Alhoewel daar skakeling tussen die Skool vir Blindes, die SANRB, die SABWO en die Departement van Arbeid met betrekking tot die beroepsplasing van blindes plaasvind, funk=sioneer hierdie skakeling nie altyd doeltreffend nie. In besonder bestaan daar *nie oorkoepelende beplanning en koördinasie* in hier=die verband nie. Gevolglik gebeur dit wel dat blinde persone van die een na die ander instansie gaan en om beroepsplasing aansoek doen. Die een instansie is nie altyd bewus van wat die ander met betrekking tot die plasing van 'n betrokke persoon gedoen het nie, en oorvleueling is die gevolg. In besonder bemoeilik die uitge=strektheid van die land noue samewerking in hierdie verband.

## 12.3.3 BEROEPSPLASING VAN BLINDES IN ENKELE OORSESE LANDE

### 12.3.3.1 Engeland

Aan sommige skole vir blindes in Engeland oorweeg 'n *paneel des=kundiges* die beroepstoekoms van elke leerling wat binne afsien=bare tyd die skool gaan verlaat.* In die reël bestaan hierdie paneel uit die plaaslike beroepsplasingbeampte ("careers offi=cer"), die hoof van die skool, die beroepsvoorligtingonderwyser ("careers teacher"), die Blind Persons Resettlement Officer van die Departement van Indiensneming, die beroepsplasingbeampte van die Royal National Institute for the Blind, en die mediese be=

*Beroepsvoorligtingprogramme aan skole vir blindes in sekere oorsese lande is in paragraaf 9.2.4.1 bespreek.

ampte aan die skool verbonde. In besonder doen die plaaslike beroepsplasingbeampte wat in die omgewing van die ouerhuis van die blinde skoolverlater werksaam is, in die lig van die paneel=bespreking beroepsverkenning. Noue skakeling tussen hierdie be=ampte, die plaaslike beroepsplasingbeampte wat in die omgewing van die skool werksaam is, die skool en die kind self word sterk beklemtoon. Sodanige skakeling verseker dat *beroepsvoorligting geskied in ooreenstemming met die beroepsmoontlikhede* wat in die omgewing van die ouerhuis van die skoolverlater bestaan, asook dat die *beroepsaspirasies van die voornemende skoolverlater* in ag geneem word. Die Vernonkomitee (1972) in Engeland het die mening uitgespreek dat dit van groot waarde sou wees indien elke sekon=dêre skool vir blinde leerlinge 'n *personeellid* sou aanwys wat vir skakeling met werkgewers en beroepsplasinginstansies verant=woordelik sou wees. Hierdie personeellid moet die geleentheid gebied word om ook gedurende skooltyd met hierdie werksaamhede besig te wees. Voorts is die hoop uitgespreek dat voorsiening gemaak sal word vir 'n vermeerdering in die aantal plaaslike beroepsplasingbeamptes wat in die beroepsplasing van gestremde persone *spesialiseer* (pp. 82-83).

Afgesien van plaaslike beroepsplasingbeamptes is ook die Youth Employment Service, die Blind Persons Resettlement Officer van die Departement van Indiensneming en beroepsplasingbeamptes van die Royal National Institute for the Blind (RNIB) vir die be=roepsplasing van blinde skoolverlaters in Engeland verantwoorde=lik. 'n Belangrike faset van hul taak is die *verkenning van nuwe beroepsmoontlikhede* vir blindes. Die prosedure wat deur die RNIB gevolg word, is om deur middel van verkenning en beroeps=ontleding te bepaal of 'n blinde aan die eise wat in 'n betrokke beroep gestel word, sal kan voldoen en of daar 'n aanvraag na blinde werknemers sal wees. Indien besluit word dat 'n beroep

vir 'n blinde moontlik en toeganklik is, word die nodige be=roepsopleiding aangebied. Op hierdie wyse het die RNIB daarin geslaag om blindes as operateurs van fotokopieer- en litografiese masjiene geplaas te kry (kyk bylae B, v. 3.2; RNIB, 1971d, p. 2).

Voorts doen die Tegniese Departement van die RNIB navorsing in verband met *hulpmiddels* wat blinde beroepsbeoefenaars kan help om hul werk doeltreffend te verrig. Spesiale hulpmiddels wat ontwerp is, is byvoorbeeld 'n elektroniese termometer, 'n elek=troniese tydhouer vir gebruik deur fisioterapeute, 'n telefoon=nommermemoriseerder en 'n spesiale skaal vir die bepaling van massa vir gebruik deur blindes. Met die ingebruikneming van telefoonskakelborde wat met 'n stelsel van liggies werk ("PHBX lamp-signalling switchboard"), het die RNIB in samewerking met die Hoofposkantoor en skakelbordvervaardigers die nodige aan=passings gemaak sodat blinde telefoniste wel hierdie skakelborde kan beman (RNIB, 1970a, p. 3 en 1971f, pp. 7-9).

### 12.3.3.2 België

Die skole vir blindes te Brugge, Huldenberg, Ukkel en Voluwè be=skik oor 'n gemeenskaplike *beroepsplasingdiens*. Dit is die taak van maatskaplike werkers ("sociale werkers") om die beroepspoten=siaal van blindes onder die aandag van werkgewers te bring, be=trekkinge vir blinde skoolverlaters te vind, die kandidate voor te lig aangaande die eise wat aan hulle gestel gaan word en hulle aanvanklik tydens die beoefening van die beroep te "bege=lei." Verder bestaan daar ook nasionale instansies, naamlik Licht en Liefde te Brugge, asook Oevre Nationale des Avengles en Braille-Liga te Brussel wat hulle met herevaluering, heropleiding, beroepsverkenning en beroepsplasing ten opsigte van blindes besig hou. 'n Fonds is in die lewe geroep wat aangewend word om die koste te dek om *masjiene sodanig te verander* en aan te pas dat ge=

stremdes as operateurs in diens geneem kan word.

Blinde skoolverlaters van die Koninklijk Instituut Spermali te Brugge en van die Koninklijk Instituut voor Dove en Blinde Meisjes te Brussel word soms vir 'n *evalueringstydperk* in 'n werkkring in=geskakel. Gedurende hierdie tydperk word die kandidaat die ge=leentheid gebied tot sosiale oriëntering, om te toon of hy aan die beroepseise wat gestel word, kan voldoen en om te besluit of hy in die betrokke beroep wil voortgaan.

Alhoewel daar in België *wetlik voorsiening* gemaak word vir die indiensneming van gestremde persone deur werkgewende instansies, word werkverskaffing nie streng afgedwing nie. Daar is getuig dat sommige werkgewers bloot as 'n poging om binne die wet te bly, eenvoudige take aan blindes opdra en nie werklik poog om hierdie persone produktief en ooreenkomstig hul moontlikhede in 'n be=trekking in te skakel nie. Die Direkteur (1972) van die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens te Brussel het hom in hierdie verband soos volg uitgelaat: "De Belgische wetge=wing verplicht de werkgevers tot opname van gehandicapten. De rijksdiensten hebbe echter zelf niet het voorbeeld gegeven..... De patroon zijn nog eerder aarzelend: een zekere huiwer tegen=over de gehandicapten, tekort aan sociale zin en te grote onbe=kendheid met de arbeidsmogelijkheden van de gehandicapten. Alles bij mekaar een kwestie die momenteel zeer actueel is in België" (kyk bylae C, v. 3.2-3.4).

### 12.3.3.3 Nederland

Die *beroepsplasing* van leerlinge in Nederland word in die reël deur die hoof van die skool, die maatskaplike werker aan die skool verbonde en die Streeksarbeidkantoor ("Regional Labour Office") behartig en daar bestaan noue samewerking in hierdie

verband tussen die skool en die arbeidskantoor.

Ook in Nederland word werkgewers *wetlik verplig* om 'n sekere getal gestremde persone in diens te neem. Die hoof (Direkteur) van die Bartiméus Instituut te Zeist (1972) het die situasie soos volg verduidelik: "They are compelled, but of course the system is ineffective. Only a personal approach of the em= ployers can open a way" (kyk bylae B, v. 3.3 en 3.4).

#### 12.3.3.4 Die Verenigde State van Amerika

In elke staat van die VSA is daar 'n beroepsrehabilitasiesentrum wat onder die staat ressorteer en deur die Federale Beroepsre= habilitasie-administrasie gefinansier word. Hierdie sentra is onder andere verantwoordelik vir beroepsevaluering, beroepsvoor= ligting, voorberoeps- en beroepsopleiding, beroepsplasing, die voorsiening van toerusting wat vir beroepsbeoefening benodig word en algemene hulpverlening aan blinde beroepsbeoefenaars (kyk 12.2.3.3 b). Voorts bestaan daar 'n omvattende navorsings= program aangaande die inskakeling van die blinde in 'n siende gemeenskap wat deur die Federale Beroepsrehabilitasie-administra= sie geborg word (Lowenfeld, 1967a, pp. 206-207).

### 12.3.4 SLOTOPMERKINGS

#### 12.3.4.1 'n Verantwoorde wyse van beroepsplasing

Verantwoorde beroepsplasing impliseer dat die blinde persoon oor= eenkomstig sy persoonsmoontlikhede en sy beroepsaspirasies in 'n beroep ingeskakel sal word. Indien die blinde persoon op grond van sy bekwaamheid om 'n sekere beroep doeltreffend te beoefen, in diens geneem word, word indiensneming nie bloot beskou as 'n guns wat aan die blinde bewys word nie. Sodanige praktyk strek tot voordeel van sowel die werkgewer as die blinde werknemer.

Enersyds poog die werkgewer om die blinde produktief in sy on=derneming in te skakel en verwag hy van die blinde werknemer om sy beste te lewer. Andersyds word die waardigheid van die blinde as beroepsbeoefenaar nie misken nie, aangesien sy moontlikhede erken word en van hom verwag word om binne die grense wat vir hom gestel is, diensbaar in te skakel.

Uit die praktyk in sekere oorsese lande waar wetlik vir werkver=skaffing aan blindes voorsiening gemaak word, het geblyk dat die stelsel nie besonder doeltreffend is nie. Dit skyn noodsaaklik te wees dat werkgewers met betrekking tot die indiensneming van blindes persoonlik genader moet word om sodoende 'n simpatieke en begrypende gesindheid by hulle te wek. Sekere beplande aan=passings deur die werkgewer ten opsigte van die taak wat die blinde moet verrig, is dikwels 'n voorvereiste vir werklike pro=duktiewe inskakeling. 'n Werkgewer met die nodig insig in die moontlikhede en beperkthede van die blinde werknemer beteken soms die verskil tussen 'n mislukte en 'n suksesvolle plasing. Wet=gewing ten aansien van werkverskaffing aan blindes hou die gevaar in dat hul indiensneming as 'n blote welsynsdiens beskou sal word. 'n Gesindheid dat blinde werknemers noodwendig maar gedra en ver=dra moet word, kan slegs tot ondoeltreffende beroepsinskakeling van die blinde en tot die ondergrawing van sy selfbeeld lei.

### 12.3.4.2 Beroepsplasing en beperkte beroepsmoontlikhede

Soos die geval in die RSA is die beperkte beroepsmoontlikhede wat daar vir blindes bestaan, ook in oorsese lande die belangrik=ste faktor wat verantwoorde beroepsplasing bemoeilik. Dit is dikwels besonder problematies om 'n toeganklike beroep ooreenkom=stig die persoonsmoontlikhede en beroepsaspirasies van die blinde persoon te vind. As gevolg van hierdie situasie bestaan daar in die geval van die blinde beroepsbeoefenaar, in 'n groter mate as

in die geval van die siende, die moontlikheid dat hy oor- of onderbevra sal word in die beroep waarin hy geplaas word. Hier=die toedrag van sake kan daartoe aanleiding gee dat die beroeps=aspirasies van die voornemende blinde beroepsbeoefenaar genegeer word, en dit is strydig met die antropologiese feit dat die mens toekomsperspektief vir homself ontwerp. Toekomsverwagting en -verwerkliking is die stukrag vir gerigte arbeid en volhardende ywer.

### 12.3.4.3 Die verskaffing van hulpmiddels aan blinde beroepsbeoefenaars

Soos daarop gewys, kan sekere take wat skynbaar nie deur blinde werknemers verrig kan word nie, soms wel doeltreffend deur hulle verrig word indien sekere hulpmiddels tot hul beskikking gestel word. Die moontlikheid van die verskaffing van hulpmiddels kan dus die verskil tussen 'n suksesvolle plasing en geen plasing beteken. Waar beroepsmoontlikhede vir blindes reeds uiters be=perk is, is dit van die grootste belang dat al sodanige moont=likhede benut sal word. In teenstelling met genoemde praktyke in oorsese lande (Engeland, België en die VSA), geskied die verskaffing van hulpmiddels aan blinde beroepsbeoefenaars in die RSA nie op 'n gevestigde en doeltreffende grondslag nie.

### 12.3.4.4 Skakeling tussen skole en beroepsplasing=beamptes

'n Belangrike aspek van beroepsplasing is doeltreffende skakeling tussen die skool en beroepsplasinginstansies en -beamptes. Die beroepsplasingbeampte wat beroepe vir blindes moet identifiseer, moet spesialiseer in die beroepsplasing van gesigsgestremdes. Aan die een kant beskik die skool oor 'n beeld van die beroeps=potensiaal en beroepsaspirasies van die skoolverlater, terwyl die

beroepsplasingbeampte op hoogte is met die beroepswêreld en moontlike beroepsgeleenthede vir blindes. Soos daarop gewys (kyk 12.3.3.1), het die Vernonkomitee (1972) in Engeland die noodsaaklikheid sterk beklemtoon van samewerking tussen die skool in die beroepsplasingbeampte wat in die omgewing van die ouerhuis van die skoolverlater werk. Weens die uitgestrektheid van die land is doeltreffende skakeling in hierdie verband in die RSA van nog groter belang, asook meer problematies as in by= voorbeeld Engeland. Die relatiewe afgeleë ligging van die Skool vir Blindes te Worcester is 'n verdere beswarende faktor.

## 12.4 BEROEPSBEOEFENING DEUR BLINDES

### 12.4.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

In hoofstuk 7 is spesifieke beroepsopleiding van blindes bespreek, terwyl tersiêre opleiding in paragraaf 12.2 aan die beurt gekom het. In die onderhawige afdeling sal in die eerste plek die be= roepe wat deur blindes beoefen word, bespreek word. Vervolgens sal die beroepsvervulling wat deur blindes gesmaak word, instan= sies wat blindes in diens neem en die persentasie blindes in die ope arbeid aangesny word.

### 12.4.2 DIE SITUASIE IN DIE RSA

#### 12.4.2.1 Beroepe wat deur blindes beoefen word

Verskillende ondersoeke is gedoen na beroepe wat blindes in die RSA beoefen. 'n Verwerking van gegewens soos verkry by wyse van 'n opname deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes (SANRB) aangaande die beroepe wat 600 blinde persone in die ope arbeid gedurende 1970 in die RSA beoefen het, word in tabel 12.1 uiteengesit.

TABEL 12.1*

BEROEPE DEUR BLANKE BLINDE PERSONE IN DIE OPE ARBEID BEOEFEN SOOS OP 31 MAART 1970 (RSA)

| Beroepe | N | % |
|---|---|---|
| Telefonis | 371 | 61,8 |
| Fisioterapeut | 55 | 9,2 |
| Fabrieksarbeider** | 27 | 4,5 |
| Klavierstemmer | 21 | 3,5 |
| Onderwyser | 21 | 3,5 |
| Brailledrukker | 8 | 1,3 |
| Masjienoperateur | 8 | 1,3 |
| Diktafoontikster (bandmasjientikster) | 7 | 1,2 |
| Boer | 6 | 1,0 |
| Prokureur | 4 | 0,7 |
| Orrelis | 3 | 0,5 |
| Predikant | 3 | 0,5 |
| Arbeidsterapeut | 2 | 0,3 |
| Winkelassistent | 2 | 0,3 |
| Dosent | 1 | 0,2 |
| Drukker | 1 | 0,2 |
| Elektrisiën | 1 | 0,2 |
| Klerk | 1 | 0,2 |
| Verkoopsagent | 1 | 0,2 |
| Ander beroepe | 57 | 9,5 |
| TOTAAL | 600 | 100,0 |

*Hierdie gegewens is verkry uit 'n opname gepubliseer in die 20ste Tweejaarlikse Verslag van die SANRB (1970, p. 73).

**Die 27 persone wat fabriekswerk verrig, sluit onder andere mon=teurs en pakkers in.

Uit die tabel blyk dat blinde persone in die ope arbeid wat -

a. wel tersiêre opleiding deurloop het, hoofsaaklik beroepe as fisioterapeute (9,2%) en onderwysers (3,5%) beoefen;

b. minstens tot standerd 8 gevorder het en naskoolse beroepsop=leiding deurloop het, hoofsaaklik beroepe as telefoniste (61,8%) en klavierstemmers (3,5%) beoefen (Beroepsopleiding in sowel telefonie as klavierstem- en klavierherstelwerk word aan die Skool vir Blindes aangebied);

c. nie noodwendig 'n vereiste skolastiese peil bereik het nie en handvaardigheidsopleiding deurloop het, hoofsaaklik in fabrieke werk (5,8%). Agt van die fabrieksarbeiders was masjienoperateurs (dit wil sê 1,3 persent van genoemde 600 blinde beroepsbeoefenaars).

Die feit dat bogenoemde 5 kategorieë blinde beroepsbeoefenaars (fisioterapeute, onderwysers, telefoniste, klavierstemmers, fa=brieksarbeiders) 83,8 persent van die totale aantal Blanke blinde beroepsbeoefenaars in die ope arbeid uitmaak, beklemtoon die be=perkte beroepsmoontlikhede wat daar vir blindes bestaan. Daar moet verder op gewys word dat al hierdie beroepe nie noodwendig vir die totaal blinde persoon toeganklik is nie, aangesien braille=kandidate met bruikbare gesigsreste ook in die opname betrek is. In sy ondersoek na die sosio-ekonomiese lewensomstandighede van Blanke blindes in die Transvaal het Van der Burgh (1973) bevind dat ongeveer 50 persent van hiërdie blinde persone wat ekonomies bedrywig was, 'n beroep as telefonis(te) beoefen (p. 53).

Wat betref die handvaardigheidsberoepe wat deur blindes in beskut=te werkswinkels beoefen word, word onder andere rottangvlegwerk, matrasmakery, houtwerk, brei- en weefwerk en masjienoperateurs=werk (metaal- en houtwerk) aangebied. Daar word steeds ondersoek ingestel na die moontlikheid om produksie uit te brei na nuwe

handelsware. Daar is dan ook in van hierdie werkswinkels 'n begin gemaak met die produksie van onder andere verestoffers, kryt, poleer- en oliesmeerkussings, boute, moere en spykers (Skool vir Blindes, 1968d, pp. 17-19).

#### 12.4.2.2 Die beroepsvervulling van blinde beroeps= beoefenaars

Soos daarop gewys, het die beperkte beroepsmoontlikhede vir blin= des tot gevolg dat probleme ondervind word om 'n blinde persoon ooreenkomstig sy persoonsmoontlikhede en beroepsaspirasies vir 'n beroep voor te berei en in 'n beroep geplaas te kry. Van der Burgh (1973) het onder andere gepoog om vas te stel of die blinde persone in sy ondersoekgroep tevrede en gelukkig in hulle werk is. Op die vraag of hulle graag van beroep sou wou verander, het 24,0 persent van die 246 ekonomies bedrywige Blanke blinde persone in Transvaal tussen die ouderdomme van 15 en 65 jaar bevestigend geantwoord en 76,0 persent ontkennend. Van die 88 blinde persone tussen die ouderdomme van 15 en 34 jaar het 34,1 persent bevesti= gend geantwoord en 65,9 persent ontkennend. Slegs 61,0 persent van die 246 respondente was van mening dat daar wel vir hulle 'n toekoms was in die beroep wat hulle beoefen. Die meerderheid van die respondente wat nie vir hulleself 'n toekoms gesien het in die beroep wat hulle beoefen het nie, was geskoolde werkers (telefo= niste, klavierstemmers en handwerkers in beskutte werkswinkels) (pp. 74-76).

Die feit dat 'n groter persentasie van die jonger groep (34,1%) as van die ouer groep (24,0%) graag van beroep sou wou verander, kan geïnterpreteer word as tekenend daarvan dat 'n groter persen= tasie van die ouer blinde persone hul reeds berus het in die feit dat hulle nie 'n beroep sal vind wat hulle werklik beroepsvervul= ling gee nie. Voorts kom dit voor asof die beperkte beroepsmoont=

likhede vir blindes in besonder dié blinde persone nadelig tref wat *noodwendig* maar in klavierstem- en klavierherstelwerk, tele=fonie of ander handvaardigheidsberoepe opgelei moes word by ge=brek aan ander beroepsmoontlikhede.

### 12.4.2.3 Werkverskaffing deur staats-, semi-staats- en privaatorganisasies

Vooroordeel by werkgewende instansies ten opsigte van die beroeps=potensiaal van blinde persone is 'n belangrike rede waarom meer beroepe nie vir blindes toeganklik is nie. Hier sal dan kortliks gekyk word na instansies wat blindes in diens neem. Kruger (1971) berig dat volgens 'n nasionale opname deur die Suid-Afrikaanse Blindewerkersorganisasie (SABWO) wat in 1970 voltooi is, 656 blinde persone in die *RSA* beroepe in die *ope arbeid* beoefen het. Van hierdie 656 persone was 321 (48,9%) by staats- en semi-staats=organisasies in diens, 280 (42,7%) het by privaatorganisasies (insluitende goudmyne) diens aanvaar, en 55 (8,5%) het oor hul eie sake-ondernemings beskik (p. 42). Volgens die ondersoek deur Van der Burgh (1973) was 65,1 persent van 215 Blanke blinde persone in die *Transvaal* wat ekonomies bedrywig was, by staats- of semi-staatsorganisasies in diens, terwyl 34,9 persent by privaatorgani=sasies in diens was. Hierdie gegewens sluit egter nie die 31 blinde persone in die Transvaal in wat hulle eie sake-onderne=mings gehad het nie. Laasgenoemde 31 persone verteenwoordig 12,6 persent van die 246 blinde persone wat wel beroepe in die *ope arbeid en beskutte werkswinkels* beoefen het (p. 55).

Hierteenoor was 30,9 persent van *alle* ekonomies bedrywige Blanke persone in die RSA in 1970 in diens van staats- en semi-staats=organisasies terwyl 69,1 persent in diens van privaatorganisasies was (Suid-Afrika, 1972c, p. A-31). Hieruit blyk dat in vergely=king met 'n verdeling van alle ekonomiese bedrywige Blanke persone

in die RSA in bogenoemde twee werkgewerskategorieë, blinde per= sone in die ope arbeid na verhouding in 'n groter mate in diens van staats- en semi-staatsorganisasies tree. Hierdie toedrag van sake kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat privaat= organisasies nie so geneë is om 'n persoon in diens te neem wat 'n finansiële verlies kan beteken nie, asook aan die hoë eise wat aan 'n persoon gestel word indien hy sy eie sake-onderneming wil begin. Die feit dat 'n relatief groot persentasie blinde persone by staats- en semi-staatsorganisasies in diens tree, impliseer egter nie dat 'n groot verskeidenheid beroepe beoefen word nie (kyk tabel 12.1).

#### 12.4.2.4 Blinde beroepsbeoefenaars in die ope arbeid

Volgens genoemde nasionale opname deur die SABWO wat in 1970 voltooi is, het 656 (73,5%) van die 892 ekonomies bedrywige Blanke blinde persone in die RSA betrekkings in die ope arbeid beklee. Van hierdie 656 blinde persone was 398 (60,5%) in die Transvaal woonagtig, 155 (23,6%) in die Kaapprovinsie, 47 (7,2%) in Natal, 47 (7,2%) in die Oranje-Vrystaat en 9 (1,4%) in Suidwes-Afrika (Kruger, 1971, p. 42). Die hoë persentasie (60,5%) Blanke blinde persone in die ope arbeid wat in Transvaal woonagtig is, is opvallend. Hierteenoor was slegs 50,6 persent van die totale Blanke bevolking in die RSA in 1970 in Transvaal woonagtig (Suid-Afrika, 1972c, p. A-3). Hierdie feit benadruk die probleem van die Skool vir Blindes te Worcester ten opsigte van hulpverlening met die beroepsplasing van blinde skoolverlaters.

### 12.4.3 DIE SITUASIE IN ENKELE OORSESE LANDE

#### 12.4.3.1 Engeland

Die aanspraak word gemaak dat die persentasie van die blinde be= volking in Groot Brittanje wat tot die ope arbeid toetree, hoër is

as dié in enige ander land (RNIB, 1968, p. 12). Hier volg nou 'n uiteensetting van die belangrikste beroepe in die ope arbeid wat deur blindes in Engeland en Wallis beoefen word. Hierdie uiteensetting geskied aan die hand van 'n arbitêre verdeling van die beroepe in 3 kategorieë, naamlik hoër sosio-ekonomiese be= roepe, middel sosio-ekonomiese beroepe, en laer sosio-ekonomiese beroepe. Hierdie indeling hou wel ook verband met die vlak van skolastiese vordering wat as voorvereiste vir toetrede tot die betrokke beroepe gestel word en met die duur van die opleiding wat deurloop moes word.

a. Hoër sosio-ekonomiese beroepe

Dosent
Fisioterapeut
Huishoudkundige
Maatskaplike Werker
Natuurwetenskaplike
Onderwyser
Orrelis
Predikant
Programmeerder
Regsgeleerde

b. Middel sosio-ekonomiese beroepe

Brailletranskripsiewerker
Klavierstemmer
Sekretariële en klerklike werker
Snelskrif- en Bandmasjientikster
Telefonis
Verpleegster

c. Laer sosio-ekonomiese beroepe

Masjienoperateurs (Fotokopieermasjiene, litografiese masjiene, houtbewerking, ligte metaalwerk)
Monteurs
Verpakkers

Ander handvaardigheidsberoepe (Great Britain, 1972, p. 87; RNIB, 1971f, pp. 7-9; kyk bylae B, v. 3.1 en 3.5).

12.4.3.2 België

In tabel 12.2 word die beroepe uiteengesit wat *gesigsgestremde skoolverlaters* van die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichts= zwakke Jongens te Brussel beoefen. Afgesien van dié skoolverlaters wat hul studies in musiek (hoër), fisioterapie, verpleging en handel aan naskoolse opleidingsinrigtings voortgesit het - 'n totaal van 18,4% - en dié wat in heropleidingsentra (4,6%) opgeneem is, het die ander wat *wel betrekkings beklee* het (70,7%), direk na skool= verlating tot beroepe toegetree. Verder blyk uit die tabel dat die grootste enkele groep skoolverlaters 'n betrekking as telefonis (20,0%) aanvaar het. Die 10 (15,4%) skoolverlaters wat 'n betrek= king as bakker aanvaar het, is waarskynlik swaksiendes (kyk tabel 7.1)

Slegs 8 (12,3%) skoolverlaters is in beskutte werkswinkels opgeneem. Hierteenoor is 32,4 persent van die oud-leerlinge wat die Skool vir Blindes te Worcester gedurende die jare 1960 tot 1970 verlaat het, in beskutte werkswinkels opgeneem (kyk 7.2.1.1). Slegs gesigsge= stremde kinders met 'n IK van ongeveer 70 en hoër word egter tot dié Instituut te Brussel toegelaat.

Ten slotte blyk uit die tabel dat 4 (6,2%) van die *gesigsgestremdes* wat dié skool gedurende die jare 1967 tot 1971 verlaat het, werkloos was. Van 221 Blanke *blinde* persone in die Transvaal was 29 (13,1%) in 1973 werkloos. Laasgenoemde groep blinde werklose persone sluit egter persone in wat na skoolverlating blind geword het (kyk 12.3.2.7).

12.4.3.3 Nederland

In tabel 12.3 word die beroepe in die *ope arbeid* uiteengesit wat *blinde skoolverlaters* van die Bartiméus Instituut te Zeist (Neder= land) beoefen.

TABEL 12.2*

BEROEPE WAT GESIGSGESTREMDES BEOEFEN WAT DIE KONINKLIJK INSTITUUT VOOR BLINDE EN GEZICHTSZWAKKE JONGENS, BRUSSEL, VAN 1967 TOT 1971 VERLAAT HET

| Aard van beroep | N | % |
|---|---|---|
| Telefonis | 13 | 20,0 |
| Bakker | 10 | 15,4 |
| Arbeider in beskutte werkswinkel | 8 | 12,3 |
| Bediende | 5 | 7,7 |
| Fisioterapeut | 5 | 7,7 |
| Handelsberoep** | 3 | 4,6 |
| Musiek (hoër)*** | 3 | 4,6 |
| Musiek (laer)† | 3 | 4,6 |
| Bandmasjientikster | 2 | 3,1 |
| Klavierstemmer | 1 | 1,5 |
| Verpleër | 1 | 1,5 |
| Ander werk | 4 | 6,2 |
| Heropleiding†† | 3 | 4,6 |
| Werkloos | 4 | 6,2 |
| Totaal | 65 | 100,0 |

*Gegewens verkry uit die vraelys (kyk bylae B, v. 3.1 en 3.6).

**Leerlinge wat na voltooiing van die handelskursus aan die "Laer Sekondêre Tegniese Skool", 'n handelskursus aan 'n "hoër sekondêre" onderwysinrigting deurloop het voordat hulle tot 'n beroep in die handelswêreld toegetree het, is onder hierdie groep ingedeel (kyk tabel 7.1).

***Gesigsgestremdes wat na skoolverlating verdere musiekopleiding aan musiekkonservatoria deurloop het, is by hierdie groep inge=sluit.

†Leerlinge wat musiekopleiding op skool ontvang het en direk na skoolverlating tot sodanige beroep toegetree het, is onder hier=die groep ingedeel.

††Skoolverlaters wat in sentra vir herevaluering en heropleiding ("Revalidatiecentra") opgeneem is, is onder *Heropleiding* inge=deel (kyk 12.5.3.2).

TABEL 12.3*

BEROEPE IN DIE OPE ARBEID WAT BLINDES BEOEFEN WAT DIE BARTIMÉUS CHRISTELIJK INSTITUUT VOOR BLINDEN EN SLECHTZIENDEN TE ZEIST VAN 1967 TOT 1971 VERLAAT HET

| Aard van beroep | N | % |
|---|---|---|
| Telefonis | 6 | 25,0 |
| Assistent in kombuis of hospitaal | 4 | 16,7 |
| Metaalwerker** | 4 | 16,7 |
| Bandmasjientikster | 3 | 12,5 |
| Assistent in winkel | 2 | 8,3 |
| Fisioterapeut | 2 | 8,3 |
| Assistent by X-straalontwikkeling | 1 | 4,2 |
| Klavierstemmer | 1 | 4,2 |
| Verslaggewer | 1 | 4,2 |
| TOTAAL | 24 | 100,0 |

*Gegewens uit vraelys verkry (kyk bylae B, v. 3.1).

**Die aangeleentheid van blinde masjienoperateurs in die ope arbeid is reeds by die bespreking van "beroepsopleiding" aan=gesny (kyk 7.3.6).

Slegs die oud-leerlinge wat 'n betrekking as verslaggewer en as fisioterapeut aanvaar het, het hul studies aan tersiêre oplei=dingsinrigtings (12,5%) voortgesit. Die ander skoolverlaters (87,5%) het direk na skoolverlating tot 'n beroep toegetree. Uit die tabel blyk dat die grootste enkele groep skoolverlaters be=trekkings as telefoniste(s) (25,0%) aanvaar het. Vier (16,7%) van die blinde oud-leerlinge het betrekkings as masjienoperateurs (metaalwerk) in die ope arbeid aanvaar. Die beroepe van assis=tente in kombuise van hospitale en by die ontwikkeling van X-straalfoto's, asook die beroep van verslaggewer wat deur 'n totaal van 6 (25,0%) van die oud-leerlinge beoefen word, ressorteer nie onder die beroepe wat deur blindes in die RSA beoefen word nie

(kyk tabel 12.1).

### 12.4.3.4 Die Verenigde State van Amerika

Blinde persone in die VSA beoefen 'n verskeidenheid van beroepe waarvan die belangrikste hieronder uiteengesit word*:

a. Professionele beroepe

| | |
|---|---|
| Advokaat | Psigoloog |
| Dosent | Rehabilitasiewerker |
| Maatskaplike werker | Rekenaarprogrammeerder |
| Musikus | Skrywer |
| Onderwyser | Wiskundige |

b. Verkoops- en Bestuursberoepe

Assuransieverkoopsman
Effekte- en aandelemakelaar
Eiendomsagent
Telefoonagent ("Telephone Solicitor")
Verkoopsklerk van die bestuurder
Winkelbestuurder

c. Klerklike beroepe

| | |
|---|---|
| Hofverslaggewer | Telefonis |
| Kopieermasjienoperateur | Telefoonbestellingsklerk |
| Ontvangsdame | Tikster |
| Snelskriftikster | |

---

*Gegewens verkry uit 'n publikasie van die American Foundation for the Blind (AFB, 1970b, p. 2).

d. Tegniese beroepe

| | |
|---|---|
| Chemiese ingenieur | Meterhersteller |
| Elektriesetoestelversiener | Motorwerktuigkundige |
| Elektroniese ingenieur | Outomatieseratkasherbouer |
| Klaviertegnikus | Radio- en televisieherstel=werk |

Uit hierdie uiteensetting van beroepe wat deur blindes in die VSA beoefen word, blyk dat blinde persone in hierdie land tot 'n gro=ter verskeidenheid beroepe toetree as wat in enige ander land wat in die ondersoek betrek is, die geval is. Dit is egter opmerklik dat sommige van hierdie beroepe 'n besonder gespesialiseerde taak behels wat deur die blinde persoon verrig moet word. Hieruit kan afgelei word dat die verkenning van moontlike beroepe wat deur blindes beoefen kan word, in besonder op beroepsanalise berus en dat daarin geslaag word om beroepe sodanig te segmenteer dat blindes produktief ingeskakel kan word.

### 12.4.4 SLOTOPMERKINGS

#### 12.4.4.1 Beroepe van blindes in oorsese lande wat nie vir blindes in die RSA toeganklik is nie

Afgesien van die situasie in die VSA waar 'n redelike verskeiden=heid beroepe vir blindes toeganklik is (waarskynlik weens segmen=tering van beroepe op grond van beroepsanalise), stem die beroepe wat deur blindes in Engeland, België en Nederland beoefen word, in 'n groot mate ooreen met dié wat deur blindes in die RSA be=oefen word. Beroepe wat wel deur blindes in bogenoemde drie lande beoefen word en nie in dieselfde mate as beroepe vir blin=des in die RSA gevestig is nie, is dié van programmeerder, ver=pleegster, verslaggewer, natuurwetenskaplike, huishoudkundige, bakker, asook assistente in kombuise van hospitale en by die

ontwikkeling van X-straalfoto's. Uit die verkreë informasie blyk egter nie of al hierdie beroepe wel ook vir die totaal blinde persoon toeganklik is nie en of dit vir die beoefenaars van sommige van hierdie beroepe wel essensieel is om nog oor 'n mate van gesig te beskik.

#### 12.4.4.2 Die saamtrekking van blindes in slegs enkele beroepe

Uit die voorafgaande gegewens blyk dat die oorgrote meerderheid blinde beroepsbeoefenaars in slegs enkele beroepe saamgetrek word. Telefonie blyk die mees toeganklike beroep vir blinde per= sone te wees. In die RSA beoefen byvoorbeeld 61,8 persent (kyk tabel 12.1) van alle blinde beroepsbeoefenaars in die ope arbeid telefonie as beroep, terwyl 20,0 persent van die skoolverlaters van die skool te Brussel (kyk tabel 12.2) en 25,0 persent skool= verlaters van die skool te Zeist (kyk tabel 12.3) as telefonis= te(s) in diens tree. Hierdie toedrag van sake dui op die beperk= te beroepsmoontlikhede wat daar vir blindes bestaan.

#### 12.4.4.3 Die toeganklikheid van professionele en semi-professionele beroepe vir blindes

Van die beroepe wat deur skoolverlaters van die skole te Brussel en Zeist, en deur blinde beroepsbeoefenaars in die RSA beoefen word, kan die volgende as professionele of semi-professionele beroepe bestempel word: Dosent, predikant, fisioterapeut, onderwyser, musiek (hoër), handelsberoep, verslaggewer, proku= reur, orrelis en arbeidsterapeut. In die lig van hierdie kate= gorisering blyk dat 11 (17,0%) van die gesigsgestremde skoolver= laters van die skool te Brussel (kyk tabel 12.2), 3 (12,5%) van die blinde skoolverlaters van die skool te Zeist (kyk tabel 12.3) en 89 (14,8%) van die blinde beroepsbeoefenaars in die RSA (kyk

tabel 12.1) professionele of semi-professionele beroepe beoe=fen.

Alhoewel verskeie professionele en semi-professionale beroepe deur blindes beoefen word, beoefen die oorgrote meerderheid fisioterapie as beroep. Vyf (45,5%) van die gesigsgestremde skoolverlaters van die skool te Brussel, 2 (66,6%) van die blinde skoolverlaters van die skool te Zeist en 55 (61,8%) van die blinde persone in die RSA *wat professionele of semi-profes=sionele beroepe beoefen*, beoefen *fisioterapie* as beroep. Hierdie gegewens dui waarskynlik nie alleen daarop dat blinde beroepsbe=oefenaars probleme ondervind om van ander professionele en semi-professionele beroepe 'n sukses te maak nie, maar ook daarop dat daar steeds 'n mate van vooroordeel bestaan ten opsigte van die moontlikhede van blindes om van sodanige beroepe 'n sukses te maak.

Soos daarop gewys (kyk 12.3.4.1), kan slegs van verantwoorde be=roepsplasing gepraat word indien 'n persoon ooreenkomstig sowel sy persoonsmoontlikhede as beroepsaspirasies in 'n beroep geplaas word. Daarom dat steeds gepoog moet word om meer hoër vlak be=roepe vir blindes toeganklik te stel en wel by wyse van beroep=segmentering op grond van beroepsanalise.

### 12.4.4.4 Die toeganklikheid van tikwerk as beroep vir blindes

Die verkreë gegewens laat blyk dat onderskeidelik 3,1 persent en 12,5 persent van die skoolverlaters van die skole te Brussel en Zeist tikwerk as beroep gaan beoefen. Daarenteen beoefen slegs 1,2 persent van blinde beroepsbeoefenaars in die RSA tikwerk as beroep. Hierdie toedrag van sake kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat in België (kyk 12.3.3.2) en in Nederland (kyk 12.3.3.3) deur wetgewing vir werkverskaffing aan blindes voor=

siening gemaak word. Waar die betrekking van tikster deur sommi= ge werkgewende instansies met ander take wat moontlik nie deur blindes verrig kan word nie, gekombineer word, is dit nodig dat werkgewers insig in die moontlikhede en beperkthede van die blinde tikster sal openbaar en, indien nodig, die vereiste aanpassings ten opsigte van take wat blindes moet verrig, sal maak.

## 12.5 NASORGAKTIWITEITE MET DIE OOG OP DIE DOELTREF= FENDE INSKAKELING VAN BLINDE SKOOLVERLATERS IN DIE SIENDE GEMEENSKAP

### 12.5.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

In die onderhawige afdeling sal in besonder hulpverlening aan blinde skoolverlaters wat tot 'n beroep in die ope arbeid toege= tree het, bespreek word. Hierdie hulpverlening is daarop gerig om hul inskakeling in die siende gemeenskap te vergemaklik. Ver= skillende aspekte van nasorgwerk ten behoewe van blindes is reeds in van die voorafgaande afdelings bespreek en sal hier dus slegs na verwys word. Nasorgaktiwiteite wat bespreek sal word is finan= siële hulpverlening, hulpverlening ten opsigte van verkryging van geskikte huisvesting, die verskaffing van algemene hulpmiddels en hulpverlening met betrekking tot sosiale inskakeling en deelname aan ontspanningsaktiwiteite.

### 12.5.2 NASORGAKTIWITEITE TEN BEHOEWE VAN BLINDES IN DIE RSA*

#### 12.5.2.1 Finansiële hulpverlening aan blindes**

By wyse van wetgewing word voorsiening gemaak vir die betaling

---

*Hulpverlening met betrekking tot die plasing van blindes in be= skutte arbeid en die ope arbeid (kyk 12.3.2) is reeds volledig bespreek.

**Finansiële hulpverlening aan blinde *studente* is reeds in para= graaf 12.2.2.3 b bespreek.

van 'n pensioen aan blinde persone bokant die ouderdom van 19 jaar. Slegs persone wat as blind geregistreer is, kom vir soda= nige pensioen in aanmerking. Voorts ken die Departement van Ar= beid toelaes aan blinde werkers in beskutte werkswinkels toe om hul salarisse aan te vul. Ook verenigings wat hul vir die welsyn van blindes beywer, verleen finansiële hulp aan blindes wat in hierdie verband probleme ondervind (SABWO, 1971, pp. 71, 72 en 80; SANRB, 1970, p. 69).

#### 12.5.2.2 Literatuurvoorsiening aan blindes*

Voorsiening van literatuur aan blinde persone in braille en/of op band word deur die Skool vir Blindes te Worcester, Braille= dienste te Johannesburg, Bandhulp vir Blindes te Durban en die Biblioteek vir Blindes te Grahamstad behartig. Afgesien van boe= ke word ook tydskrifte (onder andere die Physiotherapy Journal, amptelike orgaan van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Fisio= terapeute) in braille gedruk. Die Sentrale Koördinerende Raad vir Literatuurvoorsiening aan Blindes (SKR) is in die lewe geroep om die produksie van literatuur in braille, op band en in groot= druk te beplan en te koördineer (SANRB, 1970, pp. 51, 87, 88 en 115).

Wat betref die leesmedium waarvan blinde persone gebruik maak, het Van der Burgh (1973) bevind dat van 347 Blanke blinde volwas= senes in die Transvaal, 36,4 persent in die eerste plek van braille gebruik maak, 28,9 persent gebruik hoofsaaklik bandopna= mes, 21,3 persent maak gebruik van 'n voorleser, en die oorbly= wende 13,4 persent lees met behulp van een of ander optiese hulp= middel. Van hierdie blinde persone het 51,3 persent aangedui dat

*Die beskikbaarstelling van vakliteratuur aan blinde studente is reeds in paragraaf 12.2.2.3 a bespreek.

hulle wel braille kan lees, waarvan afgelei kan word dat 'n redelike hoë persentasie van die 347 respondente nie braillekan=didate aan 'n skool vir blindes was nie. Slegs 43,5 persent van die respondente het genoem dat hulle lede van 'n biblioteek vir blindes is (p. 99). Waar 65,3 persent van die respondente wel in die eerste plek van braille of bandopnames gebruik maak, ter=wyl slegs 43,5 persent lede van 'n biblioteek vir blindes is, mag dit wees dat sommige van hierdie blinde persone nie bewus is van die hulpdienste wat in hierdie verband gelewer word nie.

### 12.5.2.3 Hulpverlening met die verkryging van geskikte huisvesting

Instansies soos die Skool vir Blindes te Worcester, die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes, die Suid-Afrikaanse Blinde=werkersorganisasie en plaaslike verenigings wat hulle vir die wel=syn van blindes beywer, bemoei hulle nie alleen met beroepspla=sing nie, maar ook met ander aspekte wat met doeltreffende be=roepsplasing verband hou. Indien blinde persone dus probleme ondervind om geskikte huisvesting te bekom, word hulp in hierdie verband verleen. Wat betref hulpverlening deur die Staat, is beroepsplasing die taak van die Departement van Arbeid, terwyl die verskaffing van huisvesting die verantwoordelikheid van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene is.

Nieteenstaande die hulp wat verleen word, het uit getuienis geblyk dat blinde persone tog soms probleme ondervind om geskikte huis=vesting, asook vervoer na en van hulle werk, te bekom (kyk bylae C). Van der Burgh (1973) het bevind dat daar ook wat betref blinde persone die neiging bestaan om te verstedelik. Waar die ouers van slegs 27,1 persent van 347 Blanke blinde persone in die Transvaal tydens hulle kinders se geboorte in stede woonagtig was, was 80,4 persent van die respondente tydens die ondersoek in stede

woonagtig (p. 14). Van hierdie tendens sal dan ook deur instan=sies wat nasorgdienste lewer, kennis geneem moet word.

Die Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys (kyk 4.2.3) te Pretoria gee tans aandag aan die moontlikheid om 'n nasorg=sentrum vir *gestremde* skoolverlaters op te rig. In 'n memorandum is soos volg berig aangaande die gestremde adolessent wat op se=wentien- tot een en twintigjarige ouderdom die skool verlaat: *"Dit is die tydperk in sy lewe wanneer hy gekonfronteer word met 'n eie stellingname teenoor die ander mense in sy wêreld - sy eie leeftydsgenote, sy ouers, sy kollegas, werkgewers ensovoorts. Hy worstel met die probleme van standpuntinname ten opsigte van die godsdienstige, kulturele en maatskaplike orde en instellings van die samelewing waarin hy staan. As dit vir die normale adolessent moeilik is om in hierdie tydperk van sy lewe standpunt in te neem, hoeveel te meer vir die gestremde adolessent wat nie oor al sy fa=kulteite beskik nie en wat grootliks uit 'n beskermende, en heel dikwels uit 'n oorbeskermende milieu kom?"* (1972, p. 11).

Die gedagte is dat verskillende tipologieë gestremde skoolverla=ters in hierdie nasorgsentrum opgeneem sal word en sodoende in die nood aan geskikte huisvesting, vervoer na en van hul werk, geleentheid vir ontspannende aktiwiteite en inskakeling by kul=turele bedrywighede, voorsien sal kan word. Die moontlikheid om ook nie-gestremde persone in die sentrum op te neem en ge=stremdes die geleentheid tot oriëntering tussen hierdie persone te bied, word oorweeg. Gestremde persone wat hul moontlike aan=vanklike sosialiserings-, inskakelings- en werksprobleme te bowe gekom het, sal uitgeplaas word.

Die beskouing vervat in bostaande aanhaling noodsaak enkele op=merkings. Onder andere is genoem dat die gestremde (ook blinde) skoolverlater in hierdie tyd gekonfronteer word met 'n eie stel=lingname teenoor ander mense in sy wêreld, sy eie leeftydsgenote

en ouers. Weliswaar is dit so dat sekere oriënteringsprobleme kenmerkend van die adolessensiefase is. Dit is egter onontbeer= lik dat blinde kinders reeds gedurende hul skooljare gekonfron= teer sal word met die noodsaaklikheid van stellingname ten opsig= te van hul verhouding met nie-gestremdes en dat hulp in hierdie verband verleen sal word. Dit is beslis nie bloot, of veral, 'n naskoolse aangeleentheid nie*. Die gedagte om ook nie-gestremdes in bogenoemde sentrum op te neem, is sinvol. Gerigtheid op die sosiale inskakeling van blinde leerlinge in 'n siende gemeenskap is egter 'n benadering wat reeds vanaf die eerste skooljare in 'n residensiële skool vir blindes moet geld. Die aktualiteit van 'n naskoolse nasorgsentrum kan nie ontken word nie, tog sou die *onontbeerlikheid* daarvan in 'n mate beskou kan word as 'n aanklag teen residensiële skole vir blindes en wel in die lig van die baie belangrike sosialiserings-, oriënterings- en inska= kelingstaak van sodanige skole.

### 12.5.2.4 Rehabilitasiedienste ten behoewe van blindes

Die rehabilitasiedienste wat aangebied word, is in die eerste plek op die behoeftes van persone wat na skoolverlating blind geword het, toegespits. Verskillende instansies wat hulle vir die wel= syn van die blinde beywer, verleen hulp aan hierdie kategorie blinde persone. Hier word slegs na die werksaamhede van drie sodanige instansies verwys.

Die Enid Whitaker-Rehabilitasiesentrum staan onder die beheer van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes (SANRB), word bestuur deur die Johannesburgse Vereniging vir Burgerlike Blindes

*Die sosiale inskakeling van blinde leerlinge in 'n siende gemeen= skap as aspek van ekstrakurrikulêre aktiwiteite is in paragraaf 11.5 bespreek.

en is te Linmeyer (Johannesburg) geleë. Akkommodasie word ver= skaf en aan blinde persone wat nie vir hul verblyf kan betaal nie, word deur die SANRB finansiële bystand verleen. Aan blinde persone (volwassenes) word onderrig en opleiding in onder andere braille, tik en telefonie aangebied (SABWO, 1971, p. 80).

Aan die Gladys Evans-Opleidingsentrum van die Suid-Afrikaanse Gidshondvereniging vir Blindes word blinde persone in die gebruik van sowel die langkierie as gidshonde onderrig. Nasorgwerk word ten opsigte van blinde persone wat die sentrum verlaat het, gedoen (SANRB, 1974, p. 78).

Ten slotte word verwys na die werkswinkels van die Departement van Arbeid waarin persone wat nie suksesvol in 'n beroep geplaas kan word nie, vir 'n rehabilitasietydperk opgeneem word. Die aktiwiteite in dié werkswinkels behels hoofsaaklik herevaluering en heropleiding en enkele blinde persone is reeds in hierdie werkswinkels opgeneem (kyk bylae C).

### 12.5.2.5 Die verskaffing van hulpmiddels vir alledaagse gebruik aan blindes*

In hul daaglikse lewe en werk is daar verskillende gebruiksarti= kels waarsonder blindes beswaarlik tereg kan kom. Dit is die taak van die Komitee vir Lektuur, Onderwys en Navorsing van die SANRB (kyk ook 3.3.1) om onder andere 'n studie te maak van hulpmiddels wat vir gebruik deur blinde persone ontwerp word en hierdie hulpmiddels veral vanaf oorsese lande te bekom. Deur middel van die Sentrale Depot van die SANRB te Pretoria en verskillende sub-depots word hierdie artikels tot die beskikking

---

*Die verskaffing van hulpmiddels aan blindes vir gebruik in hul *werk* is in paragrawe 12.3.2.4 a en 12.3.4.3 bespreek.

van blindes gestel. Verder beskik die Werkswinkel en Tehuise vir Blindes te Worcester en die Kaapstadse Vereniging vir Burger=like Blindes oor onafhanklike depots wat ook hulpmiddels tot die beskikking van blindes stel. Spesiaal ontwerpte hulpmiddels sluit onder andere gereedskap, wekkers, braillemasjiene, braille-eenheidtellers vir gebruik deur blinde telefoniste, polshorlo=sies, maatbande, wit kieries en naalde vir herstelwerk in. Aan persone wat as blind geregistreer is, word 'n 50 persent korting op heersende pryse toegestaan (Bennett, 1968, p. 22; SANRB, 1974, pp. 58-59; SABWO, 1971, p. 84).

### 12.5.2.6 Die sosiale inskakeling van blinde skoolverlaters*

Weens die aard van hul gestremdheid is blinde persone in 'n sekere mate geïsoleer van hul medemens. Vir 'n blinde persoon bestaan daar nie die moontlikheid om met 'n oogopslag in ontmoeting met die ander te tree en so sy isolasie te deurbreek nie (kyk 2.2.3.2 b). Landman en Gouws (1969) beklemtoon dat om verhoudinge te stig (relasionaliteit) een van die mees fundamentele handelinge by die mens is. Die wêreld is dit wat die mens met ander mense deel en dit is dié deel-neming aan dieselfde wêreld wat medemens=likheid moontlik maak (pp. 55-56). Die beperkthede van die blinde persoon in hierdie verband is dan ook voor die hand liggend.

Dit is daarom 'n belangrike doelstelling van heelwat verenigings wat hul vir die welsyn van blindes beywer, om die sosiale inska=keling van blindes in 'n siende gemeenskap te bevorder. In hier=die verband word op die volgende beskrywing van aktiwiteite van

---

*Die noodsaaklikheid van hulpverlening aan blinde kinders met be=trekking tot sosiale inskakeling is in paragraaf 2.3.10 bespreek, terwyl die sosiale inskakeling van blinde leerlinge as aspek van ekstrakurrikulêre aktiwiteite aan skole vir blindes in paragraaf 11.5 bespreek is.

die Ligtoringklub vir Blindes te Kaapstad gewys: *"In ooreenstem= ming met die verklaarde beleid van die klub om blindes en siendes waar ookal moontlik te integreer, word siende pyltjiegooiers soms uitgenooi om teen ons lede mee te ding. Dit is verblydend om die verbeterde houding van hierdie besoekers teenoor die blindes op te merk - die vreemde atmosfeer van verleentheid wat so dikwels ondervind word wanneer siendes vir die eerste keer die blindes ontmoet, het heeltemal verdwyn ..."* (SANRB, 1974, p. 100).

Met betrekking tot die sosiale inskakeling van blindes in 'n sien= de gemeenskap word verder op die volgende bevindinge van Van der Burgh (1973) gewys. In die eerste plek het hy bevind dat 64,8 per= sent van 347 *blinde respondente* in die Transvaal tussen die ou= derdomme van 15 en 65 jaar getroud was, terwyl 25,9 persent nooit getroud was nie. Hierteenoor was volgens die 1970 sensusopname 67,7 persent van *alle persone* in Transvaal tussen die ouderdomme van 15 en 74 jaar getroud, terwyl 24,9 persent nooit getroud was nie. Van die getroude blinde persone was 69,3 met 'n siende egge= noot of eggenote getroud. Voorts het hy bevind dat die blinde respondente *meer dikwels siende vriende besoek* en van siende vriende besoek ontvang, as blinde vriende. Die oorgrote meer= derheid van die blinde respondente (98,6%) kom goed oor die weg met siende persone. Die respondente ontvang ongeveer dieselfde aantal besoeke as wat hulle aan vriende bring (pp. 27, 30, 103-107). Hiervolgens wil dit lyk asof die sosiale inskakeling van blindes in 'n groot mate wel teregkom.

#### 12.5.2.7 Hulpverlening aan blinde skoolverlaters met betrekking tot deelname aan ontspannings=aktiwiteite*

Elke mens het nood aan vrye tyd en veral aan die wete dat hy self kan besluit hoe om sy vrye tyd te bestee. Die vrye tyd waaroor die mens beskik, word ook in 'n groot mate aan ontspanningsakti=witeite bestee na voltooiing van sy dagtaak (vgl. Strydom, et. al. 1972, p. 4). Ontspanningsaktiwiteite is net so 'n onontbeerlike komponent in die lewe van die blinde persoon, as in dié van die sien=de. Van der Burgh (1973) skryf soos volg: *"To assume that the handicap, however devastating it is, changes basic human needs (such as the normal need for recreation and social interaction) and limits the person to mere existence, not only denies basic value assumptions but denies direct evidence from experience as well. The values of recreation, the needs it meets, are basic to all people and particularly significant to the blind person"* (pp. 97-98).

In die eerste plek beywer *verenigings vir blindes* hulle daarvoor om blindes by ontspanningsaktiwiteite te betrek. Vermaak wat vir lede gereël word, sluit deelname aan pyltjiegooi, Bingo, skaak, kewerspel, dominoes, kaartspeletjies, toneelopvoerings, musiek=aande, radiokompetisies, tapytrolbal, ringgooi en kegelspel in. Klublede besoek blinde persone aan huis om hulle by klubakti=witeite te betrek en sodoende hul moontlike eensaamheid te help verdryf (SANRB, 1970, pp. 110-111 en 1974, p. 99).

---

*Die noodsaaklikheid van hulpverlening aan blindes met betrekking tot vryetydsbesteding is in paragraaf 2.3.12 bespreek, terwyl hulpverlening aan blinde leerlinge in hierdie verband in para=graaf 11.4 aan die orde gestel is.

Die National Association of Blind Bowlers (NABB) het rolbal as sportsoort en ontspanningsaktiwiteit vir blindes bevestig en be= vorder. Die deelname van blinde volwassenes aan 'n groepsport is 'n problematiese aangeleentheid en die moontlikheid vir blin= des om aan rolbal deel te neem het 'n besondere leemte gevul. In 1971 was daar meer as 300 gereelde blinde rolbalspelers in die RSA en Rhodesië. Die Algemene Sekretaris van SABWO, self 'n blinde persoon, het in 1971 na die bevestiging van rolbal as 'n sportsoort waaraan blinde persone kan deelneem, verwys as " ... *the most important sociological development in blind wel= fare over the past decade*" (SABWO, 1971, p. 65).

Derdens word verwys na die Hillcoombe-vakansieoord vir Blindes wat onder die Oos-Londense Blindesorgvereniging ressorteer. Hier= die vakansieoord maak voorsiening vir blinde vakansiegangers om jaarliks 'n rustige vakansie by die see deur te bring (SANRB, 1974, pp. 107-108).

Van der Burgh (1973) het 'n opname gedoen van die deelname van blindes in die Transvaal aan sport- en klubaktiwiteite. Hy het bevind dat 27,1 persent van 347 blinde respondente aan sport deelneem. Die twee sportsoorte waaraan die meeste van hiérdie blinde persone deelneem, is rolbal (56,4%) en swem (25,5%). Op grond van die feit dat 'n redelike lae persentasie van genoemde blinde respondente aan sport deelneem, kom dit voor asof nasorg= aktiwiteite met vrug in 'n groter mate op inskakeling van blindes in hierdie verband toegespits kan word. Slegs 36,0 persent van die respondente het aangedui dat hulle lede van 'n klub is, ter= wyl die meerderheid van die oorblywende 64,0 persent genoem het dat hulle nie in lidmaatskap belangstel nie (pp. 98 en 102). Waarskynlike redes waarom hiérdie blinde persone nie bereid is om lede te word nie, is omdat hulle ôf weens 'n vol sosiale lewe nie 'n behoefte aan lidmaatskap voel nie, ôf hul nie met 'n

"tipering van blind-te-wees" wat deur die bestaan van hierdie klubs geïmpliseer word, wil vereenselwig nie*.

## 12.5.3 ASPEKTE VAN NASORGAKTIWITEITE TEN BEHOEWE VAN BLINDES IN ENKELE OORSESE LANDE

### 12.5.3.1 Engeland

Om te verseker dat blinde persone wat pas tot beroepe in die *ope arbeid* toegetree het wel in hul beroepe teregkom, word opvolgings=werk deur plaaslike beroepsplasingbeamptes, die Blind Persons Resettlement Officer van die Departement van Indiensneming en in besonder deur maatskaplike werkers en beroepsplasingbeamptes van die Royal National Institute for Blind (RNIB) gedoen. Onder andere word hulp met betrekking tot doeltreffende werkmetodes, verkryging van geskikte akkommodasie, vervoer na en van hul werk en die beskikbaarstelling van hulpmiddels aan blindes verleen (RNIB, 1970a, p. 3).

Wat betref nasorgwerk ten opsigte van *meervoudiggestremde blinde skoolverlaters*, word hulle opgeneem in sentra vir beroepsvoorlig=ting en beroepspotensiaalevaluering (kyk 7.3.5), in beskutte werkswinkels en in inrigtings waar hulle versorg word. Die Komi=tee van Ondersoek na die Onderwys van Gesigsgestremdes in Engeland (1972) het egter daarop gewys dat die bestaande fasiliteite vir die beroepspotensiaalevaluering van meervoudiggestremde blinde skoolverlaters nie voldoende is nie. Dié Komitee doen aan die hand dat 'n residensiële sentrum waarin meervoudiggestremde blin=de skoolverlaters opgeneem kan word, daargestel moet word. Af=gesien van beroepsvoorligting en beroepspotensiaalevaluering, moet

---

*Die moontlikheid van die miskenning van die volwaardigheid van die blinde persoon as mens, is in paragraaf 2.2.3.5 bespreek.

aandag gegee word aan die sosialisering en algemene vorming van die jeugdiges. Daar word dan in die vooruitsig gestel dat sommige jeugdiges vanuit hierdie sentrum na beskutte arbeid oorgeplaas sal word, ander in inrigtings vir versorging opgeneem sal word, ter= wyl die meerderheid na opleidingsentra vir volwassenes oorgeplaas sal word (pp. 81 en 85).

#### 12.5.3.2 België en Nederland

Aan skole vir blindes in sowel België as Nederland is maatskaplike werkers verbonde wat onder andere hulp verleen ('n "sociale dienst") ten opsigte van sosialiserings- en beroepsprobleme wat deur blinde skoolverlaters ondervind word, asook met die verkryging van ge= skikte huisvesting. Aan die Koninklijk Instituut Spermali te Brugge (België) bestaan 'n oud-leerlingbond wat onder andere poog om die band tussen skool en oud-leerling heg te hou en skakeling te bevorder. Verder bestaan daar in hierdie lande instansies op sowel plaaslike as nasionale grondslag wat vir herevaluering, heropleiding ("revalidatiecentra") en algemene nasorgwerk verant= woordelik is en wat onder andere oor die dienste van maatskaplike werkers en ander "adviseurs" beskik (kyk bylae B, v. 4.6 en 4.7).

### 12.5.4 SLOTOPMERKINGS

#### 12.5.4.1 Nasorgwerk vanuit skole vir blindes

In veral België en Nederland word groter klem gelê op nasorgakti= witeite wat vanuit die skool self georganiseer word, as wat dit die geval in die RSA is. Skole vir blindes in hierdie lande be= skik oor spesiale personeel wat vir hierdie taak verantwoordelik= heid aanvaar. Die uitgestrektheid van Suid-Afrika en die relatief afgeleë ligging van die Skool vir Blindes bemoeilik noodwendig

doeltreffende skakeling met oud-leerlinge in hierdie verband*.

### 12.5.4.2 Voorsiening vir meervoudiggestremde blinde skoolverlaters

'n Nasorgaspek wat in die RSA agterweë gebly het, is die voor= siening vir meervoudiggestremde (in besonder ernstig verstandelik vertraagde) blinde skoolverlaters, wat selfs *nie altyd 'n beskut= te werkswinkels tereg kan kom nie* en hoofsaaklik op versorging aangewys is**. In besonder beïndruk die praktyk in Engeland ten opsigte van die voorsiening vir hierdie kategorie blinde skoolver= laters. In die lig van die relatief klein totale blinde leerling= tal in die RSA (ongeveer 160), is die getal blindes wat in hierdie kategorie geplaas kan word (IK minder as ongeveer 50), betreklik klein (kyk 4.4.1.3). Volgens 'n opname deur T. Pauw (1975) was 8 (5,4%) van die 148 braillekandidate wat in September 1973 aan die Skool vir Blindes te Worcester verbonde was, ernstig verstan= delik vertraagd, dit wil sê braillekandidate met IK ongeveer 52 en laer. Die totale getal verstandelik vertraagde braillekandi= date (IK ongeveer 85 en laer) was 34 (23,0%) (p. 13).

## 12.6 SAMEVATTING

In die onderhawige hoofstuk is tersiêre opleiding, beroepsplasing, beroepsbeoefening en nasorgaktiwiteite met betrekking tot blinde skoolverlaters bespreek.

---

*Dieselfde probleem word met betrekking tot beroepsverkenning en beroepsplasing ondervind (kyk 12.3.4.4).

**Aspekte van die problematiek van die voorsiening vir meervou= diggestremde blindes van skoolgaande ouderdom is in paragrawe 5.3.2; 6.2.2.7 en 7.3.10 aangesny.

## 12.6.1 TERSIÊRE OPLEIDING

Die deurbraak ten opsigte van die opname van blinde skoolverla= ters aan tersiêre opleidingsinrigtings is reeds jare gelede ge= maak. Die sukses van die blinde student aan universiteit hou tot groot hoogte direk met die beskikbaarheid van *vakliteratuur* in braille en op band verband. Uit die oorsig van die situasie in sekere oorsese lande het geblyk dat blinde studente in sommige van hierdie lande in 'n gunstiger posisie is as blinde studente in die RSA wat betref die bekombaarheid van literatuur.

Daar die *studierigtings* waarin blindes aan tersiêre opleidingsin= rigtings studeer noodwendig verband moet hou met die beroeps= moontlikhede wat daar vir blindes bestaan, is daar 'n besondere ooreenkoms wat betref die rigtings waarin blindes in die RSA en in oorsese lande op tersiêre vlak studeer. Studierigtings waarin blindes studeer, is hoofsaaklik die volgende: Teologie, regte, on= derwys, fisioterapie, maatskaplike werk en musiek.

In Engeland berei twee akademiese sekondêre skole vir blindes leerlinge spesifiek voor vir toetrede tot universiteite en ander tersiêre opleidingsinrigtings. Leerlinge vertoef 'n addisionele jaar in die skooleindstanderd as finale voorbereiding vir toe= trede tot 'n universiteit. In Engeland, soos ook in die RSA, word die *resultate* wat blinde studente aan universiteite behaal as heel bevredigend beskou.

In verskeie oorsese lande word voorsiening gemaak vir *spesiale adviseurs, begeleiers, maatskaplike werkers of onderwysers* om blinde studente met sosialiserings-, studie- en oriënteringspro= bleme te hulp te staan. Ook word soms vir spesiale akkommodasie vir blinde studente voorsiening gemaak. Daar blyk nie 'n beson= dere behoefte in hierdie verband in die RSA te bestaan nie.

Die deurloping van kursusse aan tersiêre opleidingsinrigtings het

vir die blinde student sekere *finansiële implikasies* wat nie op die siende student van toepassing is nie. Volgens getuienis van blinde studente skiet finansiële hulpverlening aan blinde studen= te in die RSA te kort.

### 12.6.2 BEROEPSPLASING

Die blinde persoon wat tot die ope arbeid wil toetree, is in die reël *op hulp aangewys* om 'n betrekking te bekom. Verskillende instansies onderneem dan ook die beroepsplasing van blindes in die RSA. Gegewens dui egter daarop dat die grootste enkele getal blinde skoolverlaters hul betrekkings deur middel van die hulp van vriende en familielede bekom. Blinde persone wat nie in die ope arbeid tereg kan kom nie, word in beskutte werkswinkels vir blindes opgeneem. Bevindinge dui daarop dat die beroepsplasing van blindes, ten spyte van probleme wat ondervind word, redelik doeltreffend geskied.

In sommige oorsese lande word blinde skoolverlaters soms vir 'n *evalueringstydperk* in 'n werkkring ingeskakel. Gedurende hierdie tydperk word die kandidaat die geleentheid gebied tot sosiale oriëntering, om te toon of hy aan die beroepseise wat gestel word, kan voldoen en om te besluit of hy in die betrokke beroep wil voortgaan.

*Verantwoorde beroepsplasing* impliseer dat die blinde persoon oor= eenkomstig sowel sy persoonsmoontlikhede as sy beroepsaspirasies in 'n beroep ingeskakel sal word. Uit die praktyk in België en Nederland waar wetlik vir werkverskaffing aan blindes voorsiening gemaak word, het geblyk dat die stelsel nie besonder doeltreffend is nie. *Wetgewing* ten opsigte van werkverskaffing aan blindes hou die gevaar in dat hul indiensneming as 'n blote welsynsdiens beskou sal word en pogings tot verantwoorde beroepsplasing sal belemmer. Soos die geval in die RSA is die beperkte beroepsmoont=

likhede wat daar vir blindes bestaan, ook in oorsese lande die belangrikste faktor wat verantwoorde beroepsplasing bemoeilik.

'n Belangrike aspek van beroepsplasing is doeltreffende *skakeling tussen die skool en beroepsplasingsinstansies* en -beamptes. Aan die een kant beskik die skool oor 'n beeld van die beroepspoten= siaal en -aspirasies van die skoolverlater, terwyl die beroeps= plasingbeampte op hoogte is met die beroepswêreld en moontlike beroepsgeleenthede vir blindes. Weens die uitgestrektheid van die land en die relatiewe afgeleë ligging van die Skool vir Blindes te Worcester word skakeling tussen dié twee instansies in 'n mate aan bande gelê.

Ten slotte word daarop gewys dat sekere take wat skynbaar nie deur blinde werknemers verrig kan word nie, soms wel doeltreffend deur hulle verrig kan word indien sekere *hulpmiddels* tot hul beskikking gestel word. In teenstelling met die praktyk in sekere oorsese lande, geskied die verskaffing van hulpmiddels aan blinde beroeps= beoefenaars in die RSA nie op 'n gevestigde en doeltreffende grond= slag nie.

### 12.6.3 BEROEPSBEOEFENING

Verskillende ondersoeke is gedoen na *beroepe* wat blindes in die RSA beoefen. Uit een van hierdie ondersoeke blyk dat 5 kate= gorieë blinde beroepsbeoefenaars (fisioterapeute, onderwysers, telefoniste, klavierstemmers, fabrieksarbeiders) 83,8 persent van die totale aantal Blanke beroepsbeoefenaars in die ope arbeid uitmaak. Afgesien van die situasie in die VSA waar 'n redelike verskeidenheid beroepe vir blindes toeganklik is (waarskynlik weens segmentering van beroepe op grond van beroepsanalise), stem die beroepe wat deur blindes in Engeland, België en Nederland be= oefen word, in 'n groot mate ooreen met dié wat deur blindes in die RSA beoefen word.

Die feit dat die oorgrote meerderheid blinde beroepsbeoefenaars in enkele beroepe saamgetrek is, onderstreep die *beperkte be= roepsmoontlikhede* vir blindes. In besonder is beroepsmoontlik= hede vir blindes op professionele en semi-professionele vlak be= perk. Hierdie toedrag van sake bemoeilik noodwendig verantwoorde beroepsplasing. In besonder kom dit voor asof die beperkte be= roepsmoontlikhede veral dié blinde persone nadelig tref wat nood= wendig maar in klavierstem- en klavierherstelwerk, telefonie of ander handvaardigheidsberoepe opgelei moes word by gebrek aan ander beroepsmoontlikhede.

In 1970 het 656 (73,5%) van die 892 ekonomies bedrywige Blanke blinde persone in die RSA betrekkings in die *ope arbeid* beklee van wie 398 (60,5%) in die Transvaal woonagtig was. Hierdie feit onderstreep die probleem van die Skool vir Blindes te Worcester ten opsigte van hulpverlening met die beroepsplasing van blinde skoolverlaters.

Die moontlikheid om *toeganklike beroepe vir blindes uit te brei*, hang ten nouste saam met die gesindheid van werkgewers. Waar dit die geval is dat sekere take nie deur blindes verrig kan word nie, is dit nodig dat werkgewers insig in die moontlikhede en beperkt= hede van die blinde beroepsbeoefenaar sal openbaar en, indien no= dig, die vereiste aanpassings ten opsigte van take wat blindes moet verrig, sal maak.

### 12.6.4 NASORGAKTIWITEITE

Nasorgaktiwiteite is daarop gerig om die inskakeling van die blin= de in die siende gemeenskap te vergemaklik. Instansies in die RSA wat vir nasorgwerk verantwoordelik is, gee aan die volgende aspek= te aandag: Finansiële hulpverlening aan blindes; literatuurvoor= siening vir gebruik deur blindes; hulpverlening met betrekking tot die verkryging van geskikte huisvesting; rehabilitasiedienste

ten behoewe van blindes; die verskaffing van hulpmiddels vir alledaagse gebruik, en hulpverlening met betrekking tot die sosia= le inskakeling en deelname aan ontspanningsaktiwiteite van blinde skoolverlaters.

Ten opsigte van *literatuurvoorsiening* vir gebruik deur blindes is daarop gewys dat slegs 43,5 persent van 347 Blanke blinde volwasse= nes in die Transvaal lede van 'n biblioteek vir blindes is. Hier= die gegewens mag daarop dui dat nie alle blinde persone bewus is van bestaande hulpdienste met betrekking tot literatuurvoorsiening nie.

Alhoewel hulp met betrekking tot die verkryging van *geskikte huisvesting en vervoer* na en van hul werk aan blindes verleen word, ondervind sommige blindes steeds probleme in hierdie verband. Soos in die geval van die algemene bevolking, bestaan daar ten opsigte van die blinde bevolking ook die neiging om te verstedelik - 'n fak= tor waarvan by hulpverlening in bogenoemde verband kennis geneem moet word.

Elke mens het behoefte aan *vrye tyd* en veral aan die wete dat hy self kan besluit hoe om sy vrye tyd te bestee. Slegs 27,1 persent van 347 Blanke blinde volwassenes in die Transvaal neem aan sport deel (veral aan rolbal en swem), terwyl slegs 36,0 persent lede van 'n klub vir blindes is. 'n Waarskynlike rede waarom nie meer blindes lede van klubs vir blindes is nie, is omdat hulle hul nie met 'n "tipering van blind-te-wees" wil vereenselwig nie.

Ten slotte is daarop gewys dat die voorsiening vir *meervoudigge= stremde* (in besonder ernstig verstandelik vertraagde) blinde skoolverlaters wat self nie altyd in beskutte werkswinkels vir blindes tereg kan kom nie, 'n nasorgaspek is wat in die RSA ag= terweë gebly het. In 1973 was 8 (5,4%) van die 148 braillekan= didate aan die Skool vir Blindes te Worcester as ernstig

verstandelik vertraagd (IK ongeveer 52 en laer) geklassifiseer, terwyl 'n totaal van 34 (23,0%) as verstandelik vertraagd (IK ongeveer 85 en laer) beskou is.